
# NG Vishoek

1855 - 2025

Geanker in die Verlede, Seilend na die Toekoms

1855 - 2025



170 Jaar

# Inhouds-Opgawe


INLEIDING 02

ONS GESKIEDENIS 04

PREDIKANTE 42

125 JAAR VIERINGE 46

150 JAAR VIERINGE 50

170 JAAR VIERINGE 52

JOERNAAL 58

# Inleiding



GESKRYF DEUR DR. MARTIN BARNARD, 2025

Wanneer ons terugkyk na die geskiedenis van NG Kerk Vishoek, van die vroeë dae in die 1855's tot vandag, word ons harte gevul met dankbaarheid vir God se onwrikbare trou en voorsiening. Wat begin het as 'n klein nedersetting in die Simonsbaai-wyk, toe nog onder die moederkerk Wynberg, het gegroei tot 'n volwaardige gemeente wat sy stempel op die Suid-Skiereiland afgedruk het. Aanvanklik bekend as NG Gemeente Simonstad, het dit later NG Simonstad-Kalkbaai geword en uiteindelik NG Vishoek.

Die tweede NG Gemeente Simonstad het in 1974 na 'n afstigting van die NG gemeente Vishoek ontstaan.

Van die eerste stigting tot die oprigting van nuwe kerkgeboue en pastorieë, het God telkens in moeilike tye voorsien. Sodoende het dit lidmate se geloof, toewyding en diens van die liggaam van Christus versterk.

Elke era het sy uitdagings gebring – oorlog, ekonomiese druk, interne debatte, selfs pandemies soos die onlangse Covid pandemie– maar steeds het lidmate in geloof in die Here geestelik gegroei.

Van die eerste huisdienste tot sendingaksies, jeugbediening, omgeegroepe, Bybelstudiegroepe tot die gebruik van tegnologie om die gemeenskap van gelowiges op te bou, het die gemeente gesien hoe God nie net in die verlede sy gemeente in Vishoek gelei het nie, maar steeds voorsien vir elke nuwe behoefte en geleentheid.

Terwyl ons vandag leef in 'n tyd van voortdurende verandering en nuwe uitdagings, herinner die geskiedenis ons aan 'n God wat onveranderlik en getrou is. Net soos Hy in die verlede voorsiening gemaak het, sal Hy ook vandag en in die toekoms leiding gee en seën bring. Ons word genooi om met geloof en ywer voort te gaan, elke dag gehoorsaam te wees aan God tot die opbou van die gemeente en die uitbreiding van Sy Koninkryk, met die vertroue dat God se beloftes altyd standhou.

Mag die nalatenskap van diegene wat voor ons gegaan het, ons inspireer om hoopvol, toegewyd en moedig vorentoe te kyk. Mag elke daad van diens en elke woord van lof die eer van God weerspieël, soos die drie-enige God van 1855 af tot vandag aan ons getoon het. Ons slagspreuk met ons feesviering is nie verniet: "Geanker in die verlede, seilend na die toekoms nie." God bly steeds ons kompas daarom kan ons sê: "Soli Deo Gloria" — aan God alleen die eer, van die verlede tot die hede en vir die toekoms.



# 1855 – 2005

# Ons Geskiedenis

## Inleiding

By die geleentheid van die honderd en vyftigste verjaardag van die gemeente Vishoek (Simonstad) is dit gepas om 'n bietjie terug te kyk op die baie interessante geskiedenis van hierdie gemeente. Weens praktiese oorwegings kan slegs 'n baie beknopte oorsig gegee word. Die geskiedenis van die gemeente kan in verskillende fases verdeel word, fases waarin die gemeente verskillende name gehad het.



- **SIMONSTAD**
- **KALKBAAI**
- **SIMONSTAD - KALKBAAI**
- **VISHOEK**



# SIMONSTAD

Simonstad, genoem na goewerneur Simon van der Stel was tot 1855 die eerste vaste buitewyk van die gemeente Wynberg. Ds. (later dr.) P.E. Faure was pas bevestig toe hy na sy eerste huisbesoek die noodsaaklikheid ingesien het dat daar tot die gerief van die verafwonende lidmate in die Simonsbaai, periodieke godsdiensoefeninge moes gehou word.

In die notule van 27 Maart 1835 (Wynberg) staan aangeteken: "Bij de laastgehoudene huisbezoeking gebleken zijnde, dat verre de meeste Ingezetenen van de Simons Stad buiten de mogelijkheid zyn om den Godsdienst aan den Wijnberg regelmatig of zelfs in het geheel bij te wonen, heeft de Weleerw. Leraar aangenomen om aldaar alle drie maanden het Nachtmaal te bedienen."

Die kerkraad het dit goedgekeur en 'n maand later op 19 April 1835 is die eerste diens te Simonstad gehou toe nagmaal aan sewe lidmate bedien is.
Drie en 'n half jaar lank is daar dienste gehou in die "Wesleyaansche Kapel" en sewentien jaar lank is gebruik gemaak van die "Episcopaalse Kerk". Eersgenoemde gebou is verander en dien tans as die Metodiste Kerk; laasgenoernde gebou is vergroot en is die huidige St. Francis Kerk van die C.P. (S.A.). Aanvanklik was daar slegs 47 lidmate, maar die getal het aangegroei en toe daar 175 was, is gevoel dat die tyd vir afstigting ryp was.  Op 17 September 1855 word 'n vergadering gehou in die "Gouvernements Schoolgebouw" onder voorsitterskap van ds. Faure. By dié vergadering word besluit om Simonstad tot 'n selfstandige gemeente te stig. Nadat die versoek aan die Ring oorgedra is, vergader die Ringskommissie van die Ring van Kaapstad op Dinsdag 13 November 1855 in Wynberg om die grense van die te Stigte gemeente Simonstad te bepaal.



**DR. PHILIP E. FAURE**
Dit is een van die min foto's waar 'n leraar van ons kerk met 'n steekhoed afgeneem is. Die metaalkruis op sy bors het hy as student met die "Tiendaagsche Veldtocht" van 1830 tussen Holland en België verwerf.

Die grensbepaling is baie eenvoudig en lui dat "het Tolhek aan den Muizenburg, de scheiding make tusschen de gemeenten van VVijnberg en Simonstad". Die tolhek was geleë tussen die polisiestasie (vroeër die biblioteek) en die gerestoureerde "De Post Huis" (ook genoem Stegmans Rust) in die Hoofstraat, Muizenberg.

In die notule van die eerste kerkraadsvergadering, gehou aan huis van diaken G. de Stadler, lees ons: "De voorzitter stelt voor en het voorstel wordt algemeen aangenomen dat in rei memoriam worde aangetekend dat de gemeente op den dag van gisteren den 9de December 1855 plegtig is geconstitueerd geworden, en de kerkeraadsleden in hunne ambten zijn ingezegend in de morgen godsdienstoefening alhier gehouden in het kerkgebouw der Episcopaalsche gemeente". Die eerste kerksraadslede was: Jan George de Villiers, David Gabriel Malherbe (ouderlinge) en Jean Pierre Francois Rocher, Jan Pieter de Villiers, Petrus Jakobus Hugo en George de Stadler (diakens).

So entoesiasties was die lidmate van die nuwe gemeente dat die hoeksteen van die nuwe kerk 'n dag na die stigting gelê is "met die meeste plegtigheid door den Hoogedelen gestrengen Heer Henry Dundas Trotter, Kommandant van Hare Majesteit's zeemagt alhier". Op 9 Desember is twee kinders gedoop t.w. Hendrika Geertruida Albertyn en Catharina Eva Wilemina Mattyfse. Op die 10de is ook 'n kind gedoop t.w. Helena Margaretha Malherbe. Hierdie name verskyn op die eerste blad van die doopregister van die nuwe gemeente.

Presies 'n jaar later op 10 Desember 1856 is die kerk ingewy. Dr. P.E. Faure het die wydingsrede gehou na aanleiding van Ps. 27:4. In "De Gereformeerde Kerkbode" beskryf 'n korrespondent breedvoerig die verrigtinge en gee 'n interessante beskrywing van die kerkgebou en kansel. "Het Kerkgebouw is een sieraad voor de stad, - in eenvoudige Gothischen Stijl opgetrokken, met een keurig net voorportaal. De Predikstoel, van Spaansch mahonijhout, hetwelk de gemeente nagenoeg niets kost, strekt tot eer van den vervaardiger, den Heer Carr van den Wijnberg, die dezelve in den tijd van veertien dagen gebouwd heeft." Agter teen die kansel was 'n houtpen waaraan dr. Faure sy steekhoed (driepunt) of ander hoed opgehang het. Ongelukkig is hierdie pen verwyder.

Vyftien jaar lank bly die gemeente vakant en moet die konsulent asook verskillende onderwysers die bearbeiding waarneem. Wanneer prop. G.A. Maeder op 19 Mei 1870 deur prof. John Murray georden en bevestig word as die gemeente se eerste herder en leraar, is dit vir die gemeente 'n heuglike dag. Deur die medewerking van ouderlinge P. Hugo en G. de Stadler word 'n pastorie gekoop vir £800 (£1=R2).

G.A. Maeder, 19 Mei 1870–1873.
Hy word as die eerste leeraar bevestig vir die NG Simonstad gemeente.



Op die lidmaatregister kom die name van Petrus Francois Hugo en sy vrou Anna Francisa Gertruida Hablutzel die eerste voor. Eersgenoemde was die eerste ouderling wat voor die afstigting die wyk Simonstad in die kerkraad van Wynberg verteenwoordig het.

Tereg mag hy die vader van die gemeente genoem word. Ten tyde van die stigting was hy reeds 70 jaar oud en is op sy versoek en toestemming van die Goewerneur van verdere diens verskoon.

Gedurende die dienstyd van ds. G.F.C. van Lingen beleef die gemeente betreklike voorspoed. Die kerkskuld word na 30 jaar gedelg, 'n nuwe pastorie word gebou en Kalkbaai word afgestig.

Die ou pastorie is aan die Admiraliteit vir £4 400 verkoop. 'n Pragtige pastorie word deur W. Napier vir £2 350 langs die kerk gebou. Die balans is in die sustentasiefonds, wat reeds in 1868 deur die ywerige kassier-diaken H. Hablutzel begin is, gestort. 'n Groot orrel word ook in die kerk geïnstalleer.

Belangstelling in die onderwys is getoon vanaf die stigting van die gemeente. Die eerste onderwyser in die persoon van die heer T.H. Tulleken is in 1856 aangestel. Hy sou ook as katkiseermeester optree. In die Staat van Godsdiens van 1864 word twee skole gemeld. "De eene schoolstatie is gevestigd te Noordhoek en wordt genoem Magdala, de andere is Wildschutsbrand den uitersten hoek van Zuid Afrika en word genoemd Silo". Later is skole ook opgerig op Zilwermyn, Simonstad en Kalkbaai.

Die kerk het nie alleen sy oog op die onderwys gehou nie, maar ook daarop gelet of die onderwyser sendingwerk gedoen het. Tot in die jaar 1900 het alle rassegroepe saam skoolgegaan en die kerkdienste bygewoon.

Sedert 1861 was 'n gedeelte van die plaas De Goede Hoop (Noordhoek) die eiendom van die kerkraad. In 1924 bied die kerkraad 'n gedeelte van die grond aan die skoolraad van Kaapstad met die oog op die oprigting van 'n skool aan. Op die ander gedeelte het 'n ou huis gestaan. Die middelmure van drie vertrekke is uitgeslaan om 'n saaltjie te verkry. Hierdie saaltjie het die sentrum van die kerklike bedrywighede van die kontrei gevorm. Tot 'n groot mate was Noordhoek die hart van die gemeente. 'n Bloeiende Jongeliede Vereniging het daar bestaan – nie slegs die oudste nie, maar ook die grootste tak in die Skiereiland. Een keer per maand het ouers en jongmense daar bymekaar gekom – sommige moes ver te perd ry. Die een maand is 'n "geestelike vergadering" gehou. Dan is gedeeltes uit die Skrif behandel en net Psalms en Gesange gesing.

Op 10 Desember 1906 word die vyftigjarige bestaan van die gemeente luisterryk gevier. Die voorgewel van die kerk was pragtig met blomme versier. Voor die deur het die kerkraad en oudkerkraadslede byeengekom om deur L. Jenks gefotografeer te word. Ds. Van Lingen het die feesrede na aanleiding van Ps. 48:10 gehou. "Na afloop der verrichtingen onthaalde de gemeente de genode gasten op een eetmaal in de Royal Alfred Maconieke Zaal waar de Heer R.S. VVhyte een royalen disch had gespreid, daartoe door de Jubilee Commissie aangesteld." Ook die gemeente en kinders kry die geleentheid om "het lichaam vrij en ruim te versterken".

Die ander maand was dit weer 'n "beestelike vergadering". Dan kon gedigte soos "Klaas Geswind en Syn Perd" opgesê word en liedere soos "Sarie Marais" gesing word. In die ou saaltjie is gereeld buitedienste gehou. Hier is die eerste tak van die Vroue-Sendingbond van die gemeente op 13 Julie 1921 deur mev. M.L. de Villiers met 12 lede gestig. Die vergaderings is twee-maandeliks gehou. Maandeliks is egter 'n biduur deur die vise-presidente, mev. eerw. Du Toit gehou. Elke lid moes 1 sjieling (IOC) in die kwartaal betaal en verder is fondse ingesamel deur middel van 'n jaarlikse basaar en bussies (sien foto's op die volgende bladsy).







Links: Kollekte boksies vir, onder andere, Sending.

Ds. M.L. de Villiers is die komponis van "Die Stem". Op 'n dag in 1921 het hy in sy studeerkamer "op die solder" van die pastorie in Simonstad gesit, besig om 'n doopseël uit te skryf. Meteens het die tema vir die toonsetting van die woorde wat Langenhoven drie jaar tevore gedig het, hom te binne geskiet. Hy het reeds tevore 'n wysie probeer, maar dit was nie suksesvol nie. Toe hierdie een hom te binne skiet, het hy geweet: Ek het dit! Met teetyd het hy in die sitkamer voor die Duitse Imler klavier gaan sit en die wysie vir sy vrou gespeel. Beide was in die wolke daaroor.




Die bladmusiek vir "Die Stem" soos gekomponeer deur Ds. M.L. de Villiers.



**Ds. M.L. de Villiers**






Bo: Ds. en mev R.H. van de Wall,
leraarspaar hier van 1881 tot 1882.




Bo: Volgens die Simon's Town-museum is gemeentelede se perdekarre aan die Bloekomboom vasgemaak. Die kerk is ingewy en het die gemeenskap so ver as Lakeside bedien totdat NG Kerke in Kalkbaai en Vishoek gestig is.
Foto: Simon's Town Museum





Bo: Vooraansig van die kerkgebou op Simonstad is in 1856 ingewy en het in 1973 die middelpunt van die NG gemeente Simonstad geword. Die Stem-pastorie waarin ds. M.L. de Villiers die volkslied geskryf is, is links van dié gebou.



Bo: Agteraansig van die NG Simonstad kerk.



Bo: Die Stempastorie, Simonstad, voorheen die pastorie van die NG gemeente Simonstad waarin ds. M.L. de Villiers die woorde van C.J. Langenhoven se "Die Stem" getoonset het. Dit is in 1979 tot Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar.




Bo: Gedenkplaat by die Die Stempastorie.

# KALKBAAI

Kalkbaai is ook eers as buitewyk van Wynberg bearbei sedert 1847. Vir 'n tyd lank is die dienste gereeld gehou in die huis van mev. Smit. In Junie 1849 het die broeder J.A. Louw van Zwaanswyk 'n stuk grond vir die oprigting van 'n kerkie gratis aangebied. Die kerkraad van Wynberg het dit ook aanvaar, maar die plan om 'n kerk op te rig het deur die mat geval.

Toe Kalkbaai deel van die gemeente Simonstad geword het, is dienste 'n tyd lank in die skool van die Engelse Kerk en later in die "kleine vertrek, dat voor een stal bestemd was" agter die huis van mnr. Philip Morgenrood gehou.



Bo: NG Wynberg kerkgebou.



NG Kerk in Kalkbaai in die 1900's.



'n Meer onlangse foto van die vooraansig van die NG Kerk in Kalkbaai.

In 1875 neem die bou van die kerk 'n aanvang op 'n perseel geskenk deur mnr. Van Breda. Die gebou wat £877 gekos het, is opgerig deur P.D. Morgenrood as boumeester. Vir die kerk is wyd en syd gekollekteer aangesien mense van heinde en ver in Kalkbaai kom vakansie hou het. Dr. Andrew Murray, wat 'n strandhuis met die naam Patmos naby die Kalkbaai hawe gehad het, het as jongman Engelse en Afrikaanse dienste in die kerkie gehou.



Vooraansig van die vakansiehuis, Patmos, van Dr. Andrew Murray, 1919

Patmos en stalle, 1910



Op 26 April 1876 word die kerk ingewy. Oor die 600 mense is teenwoordig as dr. P.E. Faure die wydingsrede na aanleiding van Ps. 85 : 4 lewer. Die namiddag word 'n diens in Engels deur dr. Robertson gehou. By die geleentheid het die koor net soos die oggend pragtig gesing. "Het zong 'Only an Armourbearer' met groot succes. De solo deür een der jonge meisjes

gezongen wekte ieders verbazing en men vroeg: kan ook het verachte Nazareth (Simonstad) dit leveren?"

Terwyl die boukommissie besig was met die oprigting van die kerk, word ook die noodsaaklikheid van 'n skoolgebou besef. Die aangrensende gebou word vir £350 gekoop en opgeknap. Die skool begin met 70 leerlinge en D.J. de Villiers, wat ook Sondae die dienste waargeneem het, het as onderwyser opgetree.



Bo: Die pas voltooide NG Kalkbaai kerkgebou.



Samuel Peter Helm, 22 Januarie 1906–1912 (eerste leraar van nuwe gemeente Kalkbaai).

Prop. J.A. van Blerk is in Februarie 1900 aangestel om die wyk Kalkbaai te bedien. Dit het in 'n groot behoefte voorsien. Hoewel die kerkraad nie afstigting wou aanmoedig nie, sou dit tog spoedig kom. Op 'n kerkraadsvergadering op 28 Januarie 1901 beklemtoon prop. Van Blerk die noodsaaklikheid van 'n gereelde diens op Sondae en gereelde huisbesoek. Op dieselfde vergadering lewer ds. Steytler namens die Ringskommissie 'n sterk pleidooi en wys daarop "hoe onmogelijk het was voor een leraar om twee kerken en twee zoo afsonderlijke deelen eener gemeente behoorlijk te bedienen. Niet alleen was dit eene vergeefsche verspilhing van krachten, maar de zaak zoo als nu gedreven maakt Kalkbaai tot een last voor Simonstad."

Die gevolg van hierdie aandrang van verskillende kante is dat die Ring van Kaapstad op sy vergadering in Oktober 1905 opdrag gee aan sy Ringskommissie om met toestemming van die kerkraad van Simonstad die afstigting waar te neem. so kom die 133ste gemeente van die Kaapse Kerk in November 1905 tot stand.

Die eerste kerkraad was: G.C. van Blerk en J.C. Pieterson as ouderlinge en P.J. Hugo, W.F. Auret, J.C. La Cock en H. Bruijns as diakens. Die grense van die gemeente word beskryf as: "van den Trap tot op de scheiding van de gemeente Wijnberg i.e. tot aan het andere einde van Lakeside." Dit is aan ons meegedeel dat "den Trap" 'n rotsformasie in die vorm van 'n natuurlike trap na die strand in die omgewing van die huidige Clovellystasie was.

Ds. S.P. Helm word op 6 Junie 1906 as eerste leraar van die gemeente bevestig. Van die begin af het die gemeente finansieel baie swaar gekry. Aan Simonstad moes £900 vir die geboue betaal word. Dit was 'n billike prys, maar vir Kalkbaai 'n geweldige skuld. Van die begin af was die gemeente aangewys op hulp uit die Hulpbehoewende Gemeentefonds. Basaars is dikwels gehou en baie moeite is gedoen om dit te adverteer so lees ons in die notules dat gereeld geadverteer is in "Ons Land", "S.A. News" en die "Cape Times". Op die dag van die basaar is 'n man met 'n kennisgewing gestuur om op en af in die strate te loop. Te midde van al die spook en spartel, lees ons egter telkemale: "dat er geen lottery by de Bazaar zal plaats vinden."

Op 6 Mei 1906 neem ds. Roux die eerste doopbediening waar en doop die kind Johanna Margaretha Maria van der Merwe. In April 1907 word die eerste lidmate bevestig t.w.: Petrus Johannes Jacobus Damas, Efraim Gideon Matthews, Sofia Maria Wildschut, Clarissa Christina Maria Adendorp en Paulina Johanna Hilario.

Na ds. Helm in 1911 vertrek het, word hy opgevolg deur: di. C.H. Radloff (1918 - 1924), P.J. Perold (1925 - 1933) en dr. P.F. Greyling (1935 - 1938).

Gedurende die dienstyd van ds. Perold is 'n saaltjie in Lakeside opgerig. Die lidmate van die wyk het reeds vir 'n geruime tyd op eie houtjie geld ingesamel en 'n aansienlike fonds opgebou. Op 21 April 1928 besluit die kerkraad om 'n lening vir €300 aan te gaan sodat die bouwerk in aanvang kan neem. Die lidmate van die Lakeside-wyk moes egter self die lening en die rente delg.

Die saal word opgerig op 'n stuk grond geskenk deur mnr. Johannes Jakobus Kotze.



Ds. C.H. Radloff, tot 1925 tweede leraar van Kalkbaai.

Die hoeksteenlegging word op 11 Augustus 1928 waargeneem deur ds. P.J. Perold. Die inwyding van die saal, vernoem na ds. Radloff, word op 10 November 1928 deur die moderator van die sinode, ds. G. Hugo waargeneem.

Hierdie saaltjie was deur die jare die middelpunt van die kerklike lewe in Lakeside.




Bo: Radloff saal, Lakeside.



Ds. P.J. Perold



Ds. G. Hugo

# SIMONSTAD - KALKBAAI

Kalkbaai gemeente het geleidelik agteruitgegaan en dit al moeiliker gevind om selfstandig te bestaan. In 1941 het slegs 104 lidmate aan die gemeente behoort. 'n Uitweg moes gevind word.

Die omstandighede van Kalkbaai het om 'n oplossing geroep. Ernstige oorweging word geskenk aan die hereniging van die twee gemeentes en in 1941 vind die vereniging dan onder die naam Simonstad-Kalkbaai plaas.
Ds. N.J.S. van der Merwe word leraar van die gemeente met die dubelloop naam.



Ds. N.J.S. van der Merwe

Reeds in 1940 word 'n nuwe pastorie in Vishoek gebou. Die Tweede Wêreldoorlog was aan die gang en boumateriaal was baie skaars. Die pastorie wat met die middele tot beskikking opgerig is, was maar baie beknop - met die gevolg dat dit in 1961 volgens 'n uitstekende plan van mnr. J.F. (Cobus) Louw vergroot is.

Die ou pastorie in Simonstad is jare lank verhuur, met groot smarte vir die kerkraad. In 1954 besluit die kerkraad om die eiendom vir €3000 te verkoop. Eindelik koop ds. H.F.M. Louw in September 1961 die pastorie en sedertdien het dit bekend gestaan as "Die Stem Pastorie". Na die sterfte van ds. De Viliers in 1977, is op Kabinetsvlak besluit om die eiendom te koop en as museum in te rig.

Die feit dat die predikant reeds in Vishoek gewoon het, het met verloop van tyd die oortuiging laat posvat dat 'n sentrale kerkgebou in Vishoek opgerig moet word. Dit sou baie kon help om 'n sterker samehorigheidsgees in die gemeente te kweek.

Op 13 Desember 1947 word ds. H.F.M. Louw hier bevestig. Nie lank hierna nie begin onderhandelinge om die kerkeiendom in Kalkbaai te verkoop. Dit word vir £9 045 aan 'n sekere mnr. Klein verkoop en op 7 Januarie 1950 neem die gemeente afskeid van die ou kerkgebou langs die hoofweg in Kalkbaai.

Planne word vir die nuwe kerk in Vishoek opgetrek deur die argiteksfirma Louw en Louw. Mnr. C.R.B. Mostert word aangestel as bouer.

Op 29 September 1951 word die hoeksteen deur ds. H.F.M. Louw gelê terwyl ds. N.J.S. van der Merwe die rede gelewer bet. Die totale boukoste beloop £18 128.

Die ou orrel van die Simonstad kerk word deur Cooper, Gill en Tomkins vir £288 opgeknap en ingebou.

In 1965 word die orrel heeltemal vernuwe teen 'n koste van R5 508. Die plegtige inwyding van die kerk vind plaas op 10 Mei 1952. Die wydingsrede word gelewer deur prof. dr. P.A. Verhoef. Die Goewerneur-Generaal en mev. Jansen was die eregaste by die plegtige geleentheid. Voor die orrel was die alombekende "auntie" Maggie Auret wat die gemeente vir 53 jaar as orreliste gedien het. Op die kerktoring is in die plek van die weerhaan 'n skippie , "Goeie Hoop", aangebring. Mnr. Tommy Carse skryf in "Die Kerkbode" oor hierdie dag van groot vreugde en sê: "n Mens voel nie koud en klein in hierdie mooi kerkie nie, maar warm en gesellig - 'n ware huis van God".

Op 1 Junie 1952 vind die eerste doopbediening in die nuwe kerk plaas. Die volgende kinders word gedoop: Frederick Nicolaas Martinus Louw de Villiers, Johan Wilhelm de Villiers, Evert André Genis, Edward Pieter Kotze en Gerhardus Albertus Kriel.

Die dubbelloop-naam was nie 'n gelukkige keuse nie. Dit het swaar op die tong gelê - met die gevolg dat die gemeente gou die behoefte aan 'n nuwe naam gevoel het. Na baie tyd aan die keuse van 'n naam afgestaan is, word uiteindelik op die naam Vishoek besluit. Sedert die Sinode van 1953 is dit dan ook die amptelike naam van die gemeente.



Bo: Die kerkgebou van die NG gemeente Vishoek, ontwerp deur die firma van Wynand Louw. Ds. H.F.M. Louw het die hoeksteen op 29 September 1951 gelê.








Bo: Die hoeksteen gelê deur ds. H.F.M. Louw
Links: Die troffel wat gebruik is om die hoeksteen in te bou. Inlas: Die sleutel van die kerk wat aan Ds. H.F.M Louw oorgehandig is tydens die inwyding van die kerkgebou.

Met die oog op funksies, kerkraadsvergaderings, vergaderings van die verenigings (nou aksies) is die noodsaaklikheid van 'n saal al meer gevoel. Na die heengaan van Hendrika de Villiers, dogter van mnr. H.C.A. de Villiers van Glencairn, bied hy £ 1000 aan vir die bou van 'n kerksaal met die voorwaarde dat die saal ter gedagtenis aan haar vernoem sal word. Die oprigting van die saal word toevertrou aan ouderling Cobus Louw, wat ook die planne opgetrek het. Die totale boukoste beloop £8 309 en die inwyding vind plaas op
19 Februarie 1960. Teen die muur by die ingang staan: De Villiers-Saal.




Links:
Die voorportaal wat lei na die kerksaal.







Links:
Die hoeksteen van die De Villiers -saal, gelê deur Ouderling Cobus Louw





In die vyftiger jare is die behoefte aan 'n Afrikaansmediumskool in Vishoek sterk gevoel. In 1955 word 'n Ouerkomitee met ds. H.F.M. Louw as voorsitter, saamgestel om die saak aan te voer. Danksy die onvermoeide ywer van dr. Paul Greyling, wat lid van die Skoolraad van Kaapstad was, het hier 'n Afrikaansmediumskool in Januarie 1956 tot stand gekom - die Laerskool Paul Greyling - met mnr. W.J. van Wyk as eerste hoof.

Deur die jare het daar 'n baie mooi verhouding tussen die skool en die gemeente bestaan. Op uitnodiging van mnr. Van Wyk word die Kinderkrans in 1956 gestig en tot op datum word dit een keer per week gedurende skooltyd gehou. Die naam het intussen verander na die Jubelklub. Al die skoolhoofde openbaar net so 'n goeie gesindheid teenoor die Kinderkrans (nou Jubelklub) en die gemeente.



Dr. Paul Greyling




Leerlingraad van die Laerskool Paul Greyling, 1964

**VISHOEK AS DROË DORP**

Op 25 Junie 1818 ken goewerneur lord Charles Somerset die "leningsplaas" Vishoek toe aan Andries Bruins. Een van die voorwaardes van die toekenning sou Vishoek beroemd maak nl. "dat hij aldaar geen tapneering zal mogen drijven". Die kleinhandel drankverkope was in daardie tyd in die hande van amptelike benoemde "pagters" wat drankwinkels onder die bestuur van "bytappers" gehad het.

Agter die voorwaarde aan Bruins was waarskynlik verskeie redes. Die owerheid wou hierdeur dronkenskap onder die matrose op hul lang reis van Kaapstad na Simonstad aan bande lê sowel as die vertraging in die aflewering van noodsaaklike goedere aan die magte in Simonstad voorkom.

Daar was glo "smokkelhuise" in die Vishoek gebied. Dit skyn ook asof die goewerneur sy eie belang wou beskerm en die verdere toekenning van drankverkooppunte wou verhinder.

Na honderd jaar word die eerste aansoek om 'n dranklisensie vir Vishoek in 1918 gedoen. Dit was die begin van 'n langdurige stryd. In 1928 dien daar selfs 'n appél van ene Priestman voor regter Watermeyer van die Kaapse afdeling van die Hooggeregshof. Hy verloor die appél as die regter net soos die landdros van Simonstad beslis dat die servituut nie alle dranklisensies dek nie, maar net dié wat openbare drankgeriewe belet, m.a.w. lisensies vir drankverkope aan gaste en ander wat bona fide maaltye in hotelle geniet, mag toegestaan word. Elke aansoek moes dan op meriete oorweeg en deur beswaarmakers bestry word.

Die stryd wat bekend staan as "the Battle of the Bottles" het 'n aanvang geneem en sou byna 40 jaar voortduur met 'n hoogtepunt tussen 1955 - 1960.

Onder meer word "Die Verdedigers van Vishoek" in 1956 gestig. Met groot moeite en koste het hierdie beweging die gemeenskap geaktiveer om elke aansoek om 'n dranklisensie vir Vishoek af te weer o.a. met versoekskrifte wat deur tot 90% van die inwoners onderteken is. 'n Groot mate van sukses is behaal toe proklamasie No. 219 van 1958 Vishoek tot 'n "beperkte gebied" verklaar het. As gevolg van die proklamasie kan hier geen lisensie toegestaan word sonder die toestemming van die Stadsraad nie.

Onder meer word "Die Verdedigers van Vishoek" in 1956 gestig. Met groot moeite en koste het hierdie beweging die gemeenskap geaktiveer om elke aansoek om 'n dranklisensie vir Vishoek af te weer o.a. met versoekskrifte wat deur tot 90% van die inwoners onderteken is. 'n Groot mate van sukses is behaal toe proklamasie No. 219 van 1958 Vishoek tot 'n "beperkte gebied" verklaar het. As gevolg van die proklamasie kan hier geen lisensie toegestaan word sonder die toestemming van die Stadsraad nie.

In hierdie stryd om Vishoek "droog" te hou het die N.G. Kerk ook 'n groot rol gespeel. Oor en oor word besonderhede in die notules gevind. Mnr. R.W.A. Yeld, vorige burgemeester en leier-ouderling, was sedert 1957 tot die beweging in 1973 tydelik op reses gegaan het, die verteenwoordiger van die kerkraad in die "Verdedigers". In 1963 gaan ds. L. Moolman en mnr. P.J. Hugo

as afvaardiging na mnr. B.J. Vorster, die destydse minister van Justisie, en ontvang van hom die verdere versekering dat as die Stadsraad van Vishoek dit begeer, die owerheid die nodige stappe sal doen om Vishoek vir minstens 10 jaar te vrywaar van lisensietoekenning en dat dit verleng kan word totdat Vishoek 'n aanduiding gee dat hul 'n lisensietoekenning begeer.

Die skool te Noordhoek het in 1959 gesluit. 'n Tyd lank is die skool vir die bruin gemeenskap gebruik. Na die verskuiwing van hierdie gemeenskap na Ocean View het die toekoms van die gebou en die terrein weer in die  gedrang gekom. Die kerkraad het hierin 'n geleentheid gesien om 'n kampterrein vir die jeug op te rig. Met groot entoesiasme word die saak aangepak. Die deel van die terrein waarop die Departementele skool staan, word teruggekoop en ywerig word planne opgestel. Al die mooi planne word egter doodgewurg deur die finansiële monster. Toe dit aan die lig kom dat die kerkraad van die Groote Kerk op soek is na 'n geskikte kampterrein is besluit om die terrein aan die Groote Kerk vir R5 500 te verkoop. In die ooreenkoms wat aangegaan is, is dit duidelik gestel dat Vishoek ook reg van gebruik op die kampterrein sal hê. 'n Pragtige, doelmatige gebouekompleks is op die terrein opgerig. Die ou skool het behoue gebly en vorm die saal in die kompleks.

Die grenslyn tussen Vishoek en Retreat het verskeie kere ter sprake gekom omdat daar onsekerheid bestaan het. In 1963 word die saak opgelos met die volgende grensbepaling vir Vishoek: "Van die hoogste spits van Steenbergkop met 'n reguit lyn na die naaste punt van West Lakeweg, dan met West Lakeweg langs tot by die Hoofweg, vandaar met 'n reguit lyn oor die spoorlyn na die noordelike grens van Kleyweg in Prins Georgeweg en dan met Prins Georgeweg langs albei kante tot by die see".  Sien kaart hieronder.



Die lokale tot beskikking van die Sondagskool was uiters ontoereikend. Verskeie kere is hieroor besin. Uiteindelik het die kerkraad besluit om ook hierdie uitdaging aan te durf. Opdrag word aan die argiteksfirma K.V. Commin en S.N. Banfield van Wynberg gegee om 'n gebou te ontwerp wat net sal inpas tussen die kerk en die pastorie. In die gebou moes ook die kerkkantoor gehuisves word. Die oprigting van die gebou word in 1972 toevertrou aan K.G. Wright. Die totale koste beloop R23 216. Hierdie gebou het in 'n dringende behoefte voorsien.



Die kerkgebou van die NG gemeente Vishoek, ontwerp deur Wynand Louw. Ds. H.F.M. Louw het die hoeksteen op 29 September 1951 gelê.

In 1980 was hier 825 lidmate woonagtig te Lakeside, Marina Da Gama, Muizenberg, St. James, Kalkbaai, Clovelly, Noordhoek, Kommetjie, Sun Valley, Sunnydale, Capri en Vishoek.

Tydens die 125 jarige feesvieringe in 1980 is daar nog gereeld dienste en Sondagskool in die Radloffsaal gehou. Deur die jare het die gemeente 'n baie warme sendingbelangstelling gehad. Veral tussen die gemeente en die sendinggemeente Noordhoek (tans Ocean View) wat in 1916 gestig is, is daar besondere bande.

By die sinodesitting van 1979 is die Ring van Vishoek van die Ring van Wynberg afgestig. In hierdie feesjaar (1980) vergader die nuwe Ring vanaf 14 September in Vishoek. Hierdie mees suidelike Ring van die N.G. Kerk in Suid-Afrika het op hierdie tydstip bestaan uit die gemeentes Vishoek, Zwaanswyk (Retreat), Southfield, Van Riebeeck, Ottery, Simonstad en Plumstead.



Links: Die Kerkraad, met as leraars di. Lafras Moolman en HFM Louw (1961-1965).

Regs: Die Kerkraad min of meer tussen 1965-1969 met ds. van Rooyen as leraar saam met ds. HFM Louw.





Die kerktoring.



Bo: Die skippie wat die windrigting aandui bo-op die kerktoring.



Bo: Die horlosie op die kerktoring.



Bo en regs:
Die houtboksie met die skakelaar om die kerkklok te lui. Die leer wat lei na die kerkklok en horlosie.





Aansig vanaf die gallery.



Aansig vanaf die kansel.




Kansel.



Bo: Ster teen die dak van die kerk.



Bo: Doopfont







Bo:  Die eertydse ouderlinge en diakens kerkbanke voor in die kerk.




Bo: Gedenkplaat onthul tydens die 50ste bestaansjaar vieringe van die NG Vishoek kerkgebou op 12 Mei 2002.



Bo: Die venster van die moederskamer.




Bo: Gedenkplaat onthul tydens die 150ste bestaansjaar vieringe van die gemeente. 13 November 2005.




Bo: Liedere en teksgedeelte vir die erediens word hier aangedui.




Bo: Daar is twee van hierdie bordjies teen die mure in kerkgebou.




Links: Nuwe intrekkers kon hier 'n vorm neem om in te vul.

Regs: Die tafel by die ingang van die kerk. Hier staan die kollekte bordjies en enige ander inligtingsblaadjies wat gemeentelede kan neem.



# ORREL EN GALLERY








# KONSISTORIE




Bo: Die oorspronklike horlosie wat steeds in die konsistorie hang, maar nie meer gebruik word nie.




Bo: 'n Handgeskrewe gebed aan NG Vishoek wat oorhandig is deur die Militêre Christelike Genootskap in 1998.



Bo: 'n Kennisgewing met instruksies vir die opneem van kollekte teen die aansteekbord in die konsistorie.



Bo: Kabinet in die konsistorie met wyknommers.




Bo: Koper deurhandvatsel van die deur wat na die konsistorie lei vanaf die kerk.



Onder:  Silwer nagmaal bord uit 1902.



Bo:  Kollekte bordjies deur die jare.
Die huidige rottangmandjies is tans in gebruik.
Nadat 'n versoek vir groter duidelikheid ontvang is oor wie waar kollekte moet opneem, is 'n eenvoudige grafiese voorstelling in elke bordjie aangebring.
Die kollektesak, daarenteen, word ná die erediens gebruik om deurkollekte in te samel.









Bo en regs:
'n Koppie met koerantpapier gevind onder die vloer van die kerkgebou tydens die herbedrading van die klanksisteem.






W. A. (ANTON)
RELIHAN
★ 01-03-1935
† 26-05-2007
A. J. (ANNETJIE)
V.D. WIJNGAERD
S.A (FANIE) FOURIE
LIEF VIR JOU




Hierdie drie grafte is langs die paadjie wat na die kerkkantoor lei.



# DE VILLIERS BEGRAAFPLAAS














'Bo:  n Meer onlangse foto van die De Villiers begraafplaas.



Bo:  'n Ou foto van die De Villiers begraafplaas wat op die kerkgronde geleë is.
Foto krediet: Vishoek Museum.


DIE BYBEL


BIJBEL
EERSTE BYBEL GEBRUIK IN
LAKESIDE-KERKSAAL


BIJBEL


BIJBEL


Die tyd het aangebreek...
...om jou sondes vir Jesus te gee

# SIMONSTAD

In 1959 word die Simonstad kerk aan die Vloot oorgedra. In Augustus 1961 word ds. H.F.M. Louw die eerste voltydse kapelaan in Simonstad. In 1969 sluit ds. E. Odendaal by hom aan tot 1973. Vanaf 1974 is ds. S. Botes die tweede kapelaan. Ofskoon die kapelane se werksopdragte spesiaal op Simonstad en die vloot gerig is, het hul as gevolg van kerklike reëls steeds aan die gemeente Vishoek gekoppel gebly.

Reeds in September 1962 dien 'n brief van skout-adm. H.H. Biermann, vlootstafhoof en kmdt. ds. S.W. Burger, hoofveldprediker, voor die Kerkraad met die oog op die afstigting van 'n militêre gemeente te Simonstad. Die aansoek word deur die kerkraad gunstig oorweeg, maar die Ring het die afstigting afgekeur.

In 1972 kom afstigting weer ter sprake. Die kerkraad is bereid, maar die wyk moet eers vir afstigting gemotiveer word. Op 1 Mei 1973 begin die gemeente funksioneer as Suid- en Noordwyk, elkeen met afsonderlike kerkrade wat eie vergaderings hou. Vier keer per jaar word gesamentlike of breë kerkraadsvergaderings gehou. Hierdie werkswyse het die afstigting verhaas. Op 23 September 1974 word Simonstad van die gemeente Vishoek afgestig — 'n kleindogter word gebore, 'n kleindogter wat dieselfde naam dra as wat die moeder oorspronklik gedra het.

Die gemeente word omskrywe as:

Die hele Skiereiland suid van 'n grenslyn getrek deur die driehoeksmetingsbakens:

a. na b. Brakkloofrant na Platkop met die lyn verleng totdat dit die kus sny.

a. na c. Brakkloofrant na Elsiespiek met die lyn verleng totdat dit die kus sny.



# Predikante



## KALKBAAI

- Sam Helm, 22 Januarie 1906–1912
- C.H. Radloff, tot 1925, tweede leraar van Kalkbaai.
- P.J. Perold, 1925–1935
- Dr. Paul Greyling, 1935–1938



Sam Helm, 1906–1912



C.H. Radloff, tot 1925



P.J. Perold, 1925–1935



Dr. Paul Greyling, 1935–1938

# Predikante



## SIMONSTAD

- G.A. Maeder, 19 Mei 1870–1873, Simonstad se eerste leraar.
- Willem Petrus Rousseau, 1874–1877.
- E.Z.J. de Beer, 1878–1880.
- Rutger Hendrik van de Wall, 1881–1882.
- Pieter Schalk van Heerden, 1884–1885.
- Daniel Jozua Pienaar, 1887–1891.
- Gabriel Francois Cloete van Lingen, 21 Desember 1891 – November 1907.
- Dirk Johannes Jacobus van Velden, 1909 – 9 Januarie 1914.
- Johannes Albertus Hurter, 1915–1918.
- M.L. de Villiers 1919–1930 (komponis van Die Stem).
- Adriaan Gysbert Driessen, 1931 – 4 September 1933.
- Nicolaas Johannes Stephanus van der Merwe, 1934–1947.



Ds. Maeder, 1870 - 1874



Willem Petrus Rousseau, 1874–1877



Ds. E.Z.J. de Beer, 1878 - 1880.



Ds. R.H. van de Wall, 1881 - 1882.



Ds. P.S. van Heerden, 1884 - 1885.



Ds. Daniel Jozua Pienaar, 1887 - 1891.



Ds. G.F.C. van Lingen, 1891 - 1907.



Dirk Johannes Jacobus van Velden, 1909 – 1914



Johannes Albertus Hurter, 1915–1918



M.L. de Villiers 1919–1930 (komponis van Die Stem)



Adriaan Gysbert Driessen, 1931 – 1933



Nicolaas Johannes Stephanus van der Merwe, 1934–1947

# Predikante



## VISHOEK

- Nicolaas Johannes Stephanus van der Merwe, 1934–1947 (gemeente was toe nog Simonstad, verenig in 1941 as Simonstad-Kalkbaai).
- Hendrik Francois Möller Louw, 1947–1974 (Vlootkapelaan vanaf 1961. Een van Simonstad se eerste leraars).
- Lafras Moolman, 1961 – 1965.
- Johannes Lodewickus van Rooyen, 1965–1969.
- Pieter Cornelius Potgieter, 1969–1974 (later professor in teologie aan die UP en UOVS).
- Matthys Johannes Basson, 1975 - 26 Julie 1985.
- Solly Ozrovech, 1985 - 14 April 1991 (skrywer van Christelike boeke).
- John Louw Wahl, 1987–1999.
- Jan Hendrik van Heerden, 1991 – 2020.
- Martin Barnard, 1999 – hede.



Nicolaas Johannes Stephanus van der Merwe, 1934–1947



Hendrik Francois Möller Louw, 1947–1974



Lafras Moolman, 1961 – 1965



Johannes Lodewickus
van Rooyen, 1965–1969



Pieter Cornelius
Potgieter, 1969–1974



Matthys Johannes
Basson, 1975 – 1985



Solly Ozrovech,
1985 - 1991



John Louw Wahl,
1987–1999



Jan Hendrik van
Heerden,
1991 – 2020



Martin Barnard,
1999 – hede



# 125 – jaar vieringe

BOODSKAP VAN DIE BURGEMEESTER VAN VISHOEK
TYDENS DIE 125 - JARIGE FEESVIERINGE - (1980)

# RAADSLID R.W.A. YELD



Dis vir my besonder aangenaam om namens die Stadsraad en die gemeenskap, die gemeente van Vishoek van harte geluk te wens by die geleentheid van die bereiking van sy 125ste bestaansjaar.

Gedurende die eeu en 'n kwart wat sedert 1855 verloop het, het daar groot veranderings in hierdie suidhoek van die Kaapse Skiereiland plaasgevind, soos trouens ook oral in ons land en oor die hele wêreld. In 1855 toe Simonstad gestig is, was daar slegs ongeveer 30 gemeentes in die hele Kaapland – vandag is daar oor die 400 gemeentes verdeel in 3 Sinodes.

Totdat die nuwe vlootgemeente Simonstad in 1974 afgestig is, het die gemeente oor die gebiede van vier plaaslike owerhede gestrek – Vishoek en Simonstad in geheel, tesame met aansienlike dele van Kaapstad en die Afdelingsraad van Kaapstad.

Die naamsverandering van Simonstad-Kalkbaai na Vishoek in 1953, was 'n aanduiding van die buitengewone ontwikkeling en bevolkingsverandering wat veral na die Tweede Wêreldoorlog in hierdie gebied plaasgevind het. Een gevolg was dat die betreklik nuwe dorp Vishoek, wat eers in 1918 geproklameer is, tot middelpunt van die Suid-Skiereiland ontwikkel het, veral wat die groeiende Afrikaanssprekende gemeenskap betref. Geen wonder dat die Afrikaansmedium Laerskool Paul Greyling dan ook in 1956 hier tot stand kom nie.

Dit is dus duidelik dat van die gemeente Vishoek verwag kan word om 'n belangriker rol in die Suid-Skiereiland te vervul. My bede is dan ook dat daar by die viering van die 150ste verjaardag, vroeg in die volgende eeu, getuig sal kan word van die onvermoeide arbeid en volharding (soos van die gemeente Efese) en van liefde, geloof en diensvaardigheid (soos van Tiatira) in diens van ons Meester.

Godsrykste seën word u toegewens!

**R.W.A. YELD**

BOODSKAP VAN DIE LERAAR VAN SIMONSTAD
TYDENS DIE 125 - JARIGE FEESVIERINGE - (1980)

# DS. P.J.J. FRANZSEN



Namens die N.G. Gemeente Simonstad, u dogtergemeente, wens ons u van harte geluk met die 1 25-jarige bestaan van u gemeente. Die bestendige groei wat u oor die afgelope 125 jaar openbaar het en die sterk invloed wat u in hierdie deel van die Skiereiland op baie terreine . van die gemeenskapslewe uitgeoefen het, is vir die dogtergemeente 'n bron van trots en dankbaarheid

Ons is verheug dat die oorspronklike naam van die gemeente in die dogtergemeente kan voortleef. Ons is saam met u trots op die prestasies wat u as gemeente gedurende hierdie tydperk behaal het: u stewige bydraes ten opsigte van die Kerk se werksaamhede in Sinodale verband, u pragtige ondersteuning van die Sending in hierdie gebied, uitbreidings op plaaslike gebied en doelwitte wat u gestel en verwesenlik het.

Bowenal is ons saam met u dankbaar teenoor die Here wat die gemeente in aansyn geroep het en deur die jare heen gedra het. Ons is saam met u bly dat Hy deur al die jare heen diegene gegee het en nog steeds gee wat die leiding kan neem en andere kan inspireer en motiveer in die heerlike diens van die Here; manne en vroue in wie die Gees van die Here woon en deur wie Hy werk. Mag hierdie feesvieringe daartoe meewerk om die getal van diesulkes te vermeerder en die getroues te versterk. Mag dit u as gemeente saambind waar u in ootmoed voor die Here buig in dankbare herinnering aan Sy weldade en mag dit die hele gemeente aanspoor om "in een gees vas te staan en een van siel saam te stry vir die geloof van die evangelie" (Fil. 1 :27).

By hierdie feestelike geleentheid roep ons u in die woorde van die apostel Petrus toe: "Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus" (1 Petr. 2:4, 5).

P.J.J. Franzsen


P.J.J. FRANZSEN

BOODSKAP VAN DS.M.J.BASSON TYDENS
DIE 125 - JARIGE FEESVIERINGE (1980)

# DS. M.J. BASSON



Hartlik geluk met die besondere mylpaal waarby die gemeente stilstaan. Aan Hom die eer! Deur die jare het die Here vir Sy gemeente gesorg. Hy het toegewyde en hardwerkende leraars voorsien, manne wat met hul eggenotes die gemeente deurkruis het en tydig en ontydig die saad van die Woord gesaai het, wat met die Woord vermaan, vertroos, opgebou en tot inkeer geroep het. Hy het ook gegee hulle wat as ouderlinge en diakens kon dien. Eerbiedwaardige en wyse manne, manne in wie se lewens Sy genade sigbaar was. By hierdie feesgeleentheid word die gemeente toegeroep: "Dink aan julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het" (Hebr. 13:7 N.V.). Ons dink met dankbaarheid aan hulle wat deur middel van die verskillende aksies (voorheen verenigings) 'n aandeel gehad het aan die geestelike opbou van die gemeente. In hierdie gemeente het die Here genadiglik mense gegee wat met woord en daad tot Sy eer geleef en gewerk het. Ons eer hul nagedagtenis. By hierdie feesgeleentheid word ons herinner aan Sy trou. Hy bly gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Hy het beloof dat ten spyte van teenstand, vervolging en allerhande probleme waarmee Sy kerk te doen sal kry "die magte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie" (Mat. 16:18 N.V.). Sy kerk sal bly voortbestaan, ook hier in Vishoek. Sy getrouheid en Sy versekering moet ons egter tot nadenke bring. Is ons nog getrou? Behoort ons werklik aan Sy volk of loop ons maar net saam? Ons moet in hierdie tyd stil word en rekenskap gee.
Kyk terug - onthou Sy liefde en trou en wees dankbaar.
Kyk binnetoe - bely die sondes van ontrouheid, afvalligheid, biddeloosheid, en liefdeloosheid.
Kyk vorentoe - daar wag werk, nuwe uitdagings; stel u tot Sy beskikking.
Kyk boontoe - vertrou Hom, gehoorsaam Hom; Hy bly getrou.
"Mag dié God julle toerus met alles wat goed is, sodat julle Sy wil kan doen. Mag Hy deur Jesus Christus in ons tot stand bring wat vir Hom aanneemlik is. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen." (Hebr. 13:21 N.V.).



M.J.BASSON



# 150 – jaar vieringe

# 'n Woord ter inleiding
# 150 JAAR VIERINGE



Ons opregte gelukwensing met die besondere mylpaal waarby die Gemeente van Vishoek in dankbaarheid stilstaan. As ons die verlede oorskou, kan ons nie anders as om die oorbekende Ebenhaëser!" ons lippe te laat ontval nie. Waarlik: "Tot hiertoe het die Here ons gehelp!".

"As ons die geskiedkundighede in oënskou neem, dan fluister ons harte: "Dit is van die Here, dit is wonderlik in ons oë!" En as ons vorentoe kyk, die onbekende toekoms in, dan weet ons uit ondervinding: "Jehovah Jireh "Die Here sal voorsien!" Oor dit alles klink dan in hierdie dae ons jubellied: "Soli Deo Gloria! Aan God alleen die eer!"

Vir getroue, hardwerkende en toegewyde lidmate oor die jare heen, mense wat vir hulle Here en vir hulle gemeente alles feil gehad het, sê ons nederig aan die Koning van die Kerk dankie. Daar is nooit 'n tekort aan eerbiedwaardige en wyse manne en vroue wat as Kerkraadslede kosbare diens gelewer het nie. Daar was oor al die jare 'n ry van toegewyde en hardwerkende leraars wat saam met hulle eggenotes voortreflike diens gelewer het en die saad van die Woord tydig en ontydig gesaai het.

Ons gaan die toekoms in met vertroue in ons harte, want in ons gemoed praat 'n Almagtige stem: "Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God, glo ook in My." (Joh. 14:1). Ons durf nie teer op die goud wat ander gedelf het nie; ons moet elkeen sy eie bydrae maak tot die opbou van die plaaslike gemeente in die besonder die Koninkryk van God in die algemeen. Want ons weet dat in die wêreld wat God geskep het, vir hulle wat gelowig en ernstig is, daar geen mislukking is nie. Geen taak opreg verrig, geen woord ernstig gespreek, geen opoffering gewilliglik gemaak, is ooit vrugteloos of tevergeefs nie. Hy het beloof dat, ten spyte van misverstand en teenstand, van vervolging en allerlei probleme waarmee Sy Kerk te doen sal kry "die magte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie." (Matt. 16:18).

"Mag God julle toerus met alles wat goed is, sodat julle Sy wil kan doen. Mag Hy deur Jesus Christus in ons tot stand bring wat vir Hom aanneemlik is. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen." (Hebr. 12:21)

S. OZROVECH



# 170 – jaar vieringe

# BRIEWE ONTVANG VANAF ANDER KERKE IN DIE GEMEENSKAP TYDENS DIE GESAMENTLIKE HEMELVAARTDIENS.

## GRACEFIELDS CHURCH

GracefieldsChurch
JESUS · PEOPLE · ETERNITY

Aan Ds. Martin Barnard en NG Kerk familie in Vishoek,

Die Here Jesus beskryf die kerk as Sy lamp in 'n donker wereld wat die lig van Sy teenwoordigheid skyn (Matt. 5:14-16; Open. 2-3). Ons prys die Here saam met julle vir 170 jaar om Jesus se lig te wees in Vishoek en die Kaapse skiereiland. 170 jaar van dissipels maak vir Jesus (Matt. 28:18-20). Ons prys die Here vir al Sy kinders wie getrou die waarheid behou en oorgedra het van geslag tot geslag vir 170 jaar.

Soos die sewe kerke in Openbaring, ons weet dit is 170 jaar van geestelike oorlog om getroue getuies te wees vir Jesus. Dit is net deur God (Vader, Seun en Heilige Gees) se genade dat dit moontlik is. Ons eer Hom bo alles.

Mag die Here julle ryklik seen in die pad vorentoe en mag ons gemeentes getrou en vrugtevol wees voor Jesus se wederkoms.

Julle familie in Jesus,
Carel Pienaar and Kyle Johnston
Gracefields Church



# CONNECTIONS CHURCH

170 JAAR VAN GENADE



NG Kerk Vishoek

Ons dank God vir 170 jaar van sy genade wat deur u gemeente in hierdie vallei gevloei het. Julle impak is wyer en groter as wat in hierdie lewe gesien of verstaan kan word.

We want to say well done and carry on the good work of preaching and living the gospel of the Kingdom of Jesus Christ!

***Met liefde van julle broers en susters van Connections Church***

May 2025

To Martin and the NG Kerk community.

On behalf of the Fish Hoek community, we extend our deepest gratitude and heartfelt appreciation for the unwavering love, care, and service you have shown over the past 170 years. The legacy of the NG Kerk in this community is a testament to faith in action – a beacon of hope, compassion, and steadfast commitment that has touched countless lives.

Through your dedication, you have supported families, uplifted the broken-hearted, and nurtured a spirit of unity that continues to shape the soul of Fish Hoek. Your presence has been a constant source of comfort and strength, and your work echoes far beyond the walls of your church.

Margaret Roberts

page 1

To you Martin, family and every member, past and present – thank you for carrying the light and values of the NG Kerk so faithfully. Your legacy is deeply woven into the fabric of this community and we are truly blessed by your service.

With sincere appreciation

Rich blessing

Hans Stephenson

Co-labourer in Christ

@ Connections Church.

Margaret Roberts

page 2

# KING OF KINGS BAPTIST CHURCH

DEAR MARTIN & ESTELLE

HOW WE PRAISE GOD WITH YOU, YOUR FAMILY, AND CHURCH AT No 1 KOMMETJIE Rd! WHAT A JOY TO CELEBRATE THE FAITHFULNESS OF GOD IN HIS GOSPEL WITNESS. MAY THE BEST STILL BE AHEAD, WITH MUCH FRUIT FOR HIS GLORY!

IAN & BRONWYN FRASER

DEAR MARTIN & ESTELLE

CONGRATULATIONS TO YOU AND THE DUTCH REFORMED CHURCH IN FISH HOEK ON YOUR 170-YEAR CELEBRATION. WHAT A REMARKABLE MILESTONE. IT IS A TESTAMENT TO GOD'S FAITHFULNESS AND THE WITNESS OF YOUR CHURCH COMMUNITY THROUGH THE GENERATIONS. I TRUST THIS ANNIVERSARY WILL NOT ONLY BE A TIME OF JOYFUL CELEBRATION BUT ALSO ONE OF RENEWED VISION FOR THE FUTURE.

WARMEST CONGRATULATIONS,

NEIL SMITH AND THE KING OF KINGS FAMILY.

SHELLEY



29th May 2025

Dear Martin & NG KERK family,

Congratulations on your incredible milestone as a community of faith. Thank you for the example you set for your people, as well as the wider body of Christ. We pray that the Lord may continue to bless you into the future. Grace & Peace,

Delme Liscott (on behalf of the METHODIST CHURCH in F.H.)

# METHODIST CHURCH

# RELENTLESS PURSUIT

Relentless Pursuit
MINISTRIES

Liewe Dominee Martin,

Namens die hele Relentless Pursuit Ministries familie wil ons vir u opreg dankie sê vir die ongelooflike voorbeeld wat u stel, nie net vir u gemeente nie, maar vir die hele gemeenskap.

U passie vir Jesus en Sy koninkryk, u integriteit, en u reinheid voor die Here en Sy mense is duidelik sigbaar, selfs sonder woorde.

Ons eer u as 'n getroue en toegewyde dienaar van Jesus Christus.

To the NG Church, the leadership, and every member involved, thank you for all you have done in our community.

**Regards,**

Gerdré Ferreira
RELENTLESS PURSUIT MINISTRIES

RELENTLESSPURSUIT.ORG.ZA INFO@RELENTLESSPURSUIT.ORG.ZA +27 71 862 6661

# ST KIARAN'S PRESBYTERIAN CHURCH

**St Kiaran's Presbyterian Church**
(A member of the Uniting Presbyterian Church in Southern Africa)
Corner of Recreation Road & Central Circle, Fish Hoek.

Minister: Rev Mike Muller 071 876 1149
Home: 021 782-1498
Phone: Office/Fax: 021-782-6118
PBO No: 930003171

Postal address:
38 Central Circle, Fish Hoek, 7975
Email: stkoffice@telkomsa.net
www.stkiaranspresby.org

*29 May 2025*

*To the Minster, Elders and Members of Fish Hoek Dutch Reformed Church.*

***170 Years in Fish Hoek***

*Dear Martin and Estelle, the Elders and brothers and sisters in Christ. Grace to you and peace from God our Father and the Lord Jesus Christ.*

*It is no secret that the Nederduitse Gereformeerde Kerk, in South Africa, is considered a sister church to the Presbyterian Church – since we are both part of the broader Reformed tradition, and share similar theological foundations as well as a Presbyterian form of governance.*

*We therefore feel a family bond; a bond that was wonderfully affirmed as you so readily welcomed the Rev. David van Duyker, my predecessor, into your church family upon his retirement. He felt completely at home among you – except, now it was an Afrikaans family! For those who are not aware, this happened because retiring ministers are expected to make room for the new minister of the congregation they retire from. As David is no longer with us, we would like to take the opportunity to thank you for the kindness shown to him.*

*I, along with the Elders and members of St Kiaran's Presbyterian Church would like to congratulate NG Vishoek on reaching its 170th year of ministry in this community and those further afield. It is a testament to your faithful witness to the Gospel of Christ in our valley.*

*May our God, Father, Son and Holy Spirit truly bless this congregation for all that it has done, is doing and will do in the future in the name of our glorious risen and ascended Lord and Saviour, Jesus Christ.*

*Amen*

*Rev. Michael A. Muller*
*For St Kiaran's Presbyterian Church.*



# NG Vishoek – Joernaal

# NG Vishoek 'N JOERNAAL

1981- 2025

## INLEIDING

Met die aanbreek van die laaste kwarteeu van die NG Kerk Vishoek se bestaan, is die infrastruktuur stewig in plek en die gemeente goed gevestig met een leraar, ds. M.J. Basson, as geestelike leier. Die argument oor of vrouens moet hoed dra kerk toe of nie, is pas verby. Oral begin die lig ook opgaan dat die tyd ryp is om lidmate van die skoner geslag tot sekere ampte in die kerk toe te laat. Vorentoe het egter groter en ingewikkelder kwessies gewag, want soos die tyd aanstap, soek die mens gedurigdeur verandering en vernuwing... In hierdie joernaal probeer ons elke lidmaat 'n kykie gee op sommige van dié interessante gebeure oor die laaste 45 jaar.

## 1981

- By die kerkraadsvergadering van 12 Februarie word 'n brief van ds. H.J. Vorster, Skriba van die Sinodale Kommissie van Leer en Aktuele Sake, aan die vergadering voorgelê. Die onderwerp: die vrou in die amp as besprekingsvraag.

- Toe groot dele van die Karoo, onder andere Laingsburg, op Sondag 25 Januarie onder erge vloedwaters deurloop, samel die gemeente deur middel van 'n kollekte binne enkele dae die bedrag van R 1400.00 in om by te dra vir noodleniging.

- Die lidmaattal staan op 903 - waarvan "92 vir die kerkraad onbekend is".

- Die behoefte aan 'n hulpleraar word al hoe groter. 'n Advertensie in Die Kerkbode lewer net een reaksie op, naamlik dié van 'n emeritusleraar van bykans 70 jaar.

- Aan die einde van die finansiële boekjaar (1980/1981) toon die state 'n totale inkomste van R59 493 teenoor die vorige jaar se R55 558.

- By die kerkraadsvergadering van 10 September word besluit dat daar verdere ondersoek ingestel moet word na 'n skuinshelling vir rolstoele by die kerksaaltrap.
- Die kerk se trapleertjie wat lank soek was, word deur die polisie in 'n straat opgetel en uiteindelik terug besorg. Die hele saak bly 'n raaisel.

# 1982

- Op 15 April aanvaar die kerkraad die volgende mosie: "Die NG Kerk op Vishoek is oop vir almal wat die Koning van die Kerk in gees en waarheid aanbid."

- Die kerkraad skryf 'n brief aan die Minister van Nasionale Opvoeding oor die nuwe gier van georganiseerde sportbyeenkomste op Sondae en versoek die owerheid om 'n meer positiewe houding t.o.v. Sabbatsontheiliging in te neem en sodanige byeenkomste te verbied.

- Dienspligkapelane verbonde aan die SA Vloot se dienste word vanaf Mei in die gemeente aangewend. Die eerste kapelaan is prop. G.H. Meyer.

- Die finansiële jaarstate toon 'n totale inkomste van R68 798. Die amptenare se vergoeding word soos volg aangepas: die koster vanaf R65.00 na R80.00 per maand; die orreliste vanaf R 125.00 na R160.00 per maand; en die skriba/kassier vanaf R250.00 tot R275.00 per maand.

- Vanaf Augustus word ds. H.M. Vos, emeritusleraar van die Strand, as predikantehulp in die gemeente aangestel. 'n Woonstel in Mez Wallach word vir hom en sy eggenote ingerig waar hulle vir 'n sekere aantal dae van die week sal tuisgaan.

- Die kerkraad rig 'n skrywe aan die Afdelingsraad van Kaapstad om beswaar te maak teen die aansoek van die Kommetjie Hotel om op Sondae musiek tydens etenstye te maak.

# 1983

- Lidmate kla ook oor bogenoemde hotel se buiteverbruikgeriewe en gepaardgaande rondhang en lawaai van klante. Tydens 'n kerkraadsvergadering in April word daar genotuleer: "Na aanleiding van bedenkinge wat geopper word oor die wysheid van die dagbestuur se besluit in verband met hierdie aangeleentheid, verduidelik die voorsitter dat die kerkraad onder geen omstandighede betrokke kan raak oor 'n geskil wat hoofsaaklik oor kleur gaan nie.

- By 'n kerkraadsvergadering in Junie is daar 'n ongewone punt op die agenda naamlik "oordoop". Dis na aanleiding van 'n ouerpaar van die gemeente wat hulle laat oordoop het. Na gesprekke met hulle word die egpaar versoek "om hulleself een of ander tyd in verband met die saak uit te sorteer. Intussen moet 'n afwagtende houding ingeneem word".

- Die 50-jarige herdenking van die verskyning van Die Bybel in Afrikaans word op 20 Augustus luisterryk gevier.

- Aan die einde van die finansiële boekjaar toon die syfers dat die gemeente se totale inkomste vir die jaar op R87 065 te staan kom.

- By die November-vergadering van die kerkraad verwelkom die voorsitter die eerste twee dames wat as diakens verkies is, naamlik meij. Louise de Goede en Anette Franken.



Die Kerkraad soos in die bedieningstyd van ds. Basson (1975-1985).

# 1984

- Die munisipaliteit van Vishoek sluit per geleentheid 'n gedeelte van Kommetjieweg toe 'n erediens vanuit die kerkgebou uitgesaai word.

- In 'n lywige brief van 'n ouderling aan die kerkraad maak hy beswaar teen die wyse waarop verskeie sake in die kerk hanteer word. Hy sê onder andere "My beswaar teen ons kerk in Vishoek en teen die kerkraad lê daarin dat ons nie meer volgens die leer lewe nie en nie die taak, ons deur God opgelê, uitvoer of selfs probeer uitvoer nie." 'n Dagbestuursvergadering word belê waar die skrywe breedvoerig behandel word en die sake punt vir punt met die betrokke ouderling bespreek word. Daar word genotuleer "die vergadering deel heelhartig die besorgdheid van die broer, maar kan nie altyd die skerpheid van sy standpunt of sy oplossings onderskryf nie". (Die ouderling was blykbaar ontevrede oor die manier waarop die voorsitter 'n tugsaak hanteer het.)

- In Oktober vervang ds. J.M. Blignaut vir ds. De Vos as predikantehulp. In November word eersgenoemde egter aangestel as argivaris van die Kaapse Kerk en dui aan dat hy net tot einde Januarie 1985 sal kan uithelp.

- Die totale inkomste aan die einde van die finansiële boekjaar kom op RIOO 753 te staan. Die uitgawes het egter sodanig gestyg dat daar 'n tekort van R799.97 aangetoon word.

- Twee beleggings teen gunstige rentekoerse van 17,25% en 16,75% onderskeidelik sorg vir 'n nodige neseier van R55 568.

- Om die skriba/kassier se posisie in die kerkkantoor veiliger te maak word diefwering by die vensters en 'n sekuriteitshek by die deur van die kerkkantoor aangebring.

- James Solani, skoonmaker van die kerkgeboue en -terrein, leen R700.00 by die kerk om "sy grond in die Transkei deur die staat se trekkers te laat ploeg en graan te laat saai".

- Mej. Lilian Hurter, buitelandse werker van African Inland Mission, word vir die eerste keer geldelik deur die gemeente ondersteun.

# 1985

- Prop. M. Greeff neem in Februarie ds. Blignaut se take oor.

- Met die oog op Jeugjaar word 'n lywige program vir jeugbetrokkenheid saamgestel. Verskillende aktiwiteite vind gedurende die loop van die jaar plaas.

- Ds. Basson word benoem as Saakgelastigde van die Sinode van WesKaapland en ontvang sy demissie op 21 Julie by 'n spesiale kerkraadsvergadering net na die oggenddiens.

- Die totale inkomste gedurende die finansiële boekjaar beloop R123 161 - 'n styging van 23%. Die totale uitgawes is R 107 863 - 'n styging van 6,2%.

- Die skoonmaker laat val die klavier van die verhoog af - R504.00 se skade. Die versekeraars sê breekskade aan die klavier is nie gedek nie. "Die gemeente moet self opdok."

- Ds. Solly Ozrovech van Robertson-Oos aanvaar die beroep na Vishoek. Sy bevestiging vind plaas op 4 Oktober.



Ds. en mev. Ozrovech en Lize, die jongste van die vyf Ozrovech-kinders.

- Aankondigings en gemeentenuus word voortaan elke Sondag skriftelik aan kerkgangers beskikbaar gestel en vervang gevolglik die kwartaallikse gemeentebrief.

# 1986

- In Februarie word daar soos volg by 'n kerkraadsvergadering genotuleer: "Na verduideliking van die voorsitter word dit aanvaar dat alleen die kerkraad oor die kleredrag van kerkgangers kan besluit en dat persone slegs by die hoogste uitsondering en dan moet dit vir 'n baie goeie rede wees, van die kerk weens kleredrag weggewys mag word."

- Vanaf die derde skoolkwartaal word een aanddiens per maand in Engels gehou.

- Deurkollektes by eredienste word met die Nagmaal-koevertstelsel vervang.

- Ooreenkomstig sinodale skaal moes die leraar van die gemeente se salaris en motortoelaag vanaf 1 April onderskeidelik R2 565.00 en R630.00 per maand beloop.

- Die state toon 'n totale inkomste van R 132 278 aan die einde van die finansiële boekjaar.

- In die Ringsverslag van 1985/1986 word daar onder andere aangetoon dat die bywoning van dienste, bidure en wyksbyeenkomste 'n stygende kurwe het.

- Ds. W.C. van der Merwe tree vir 4 maande as predikantehulp op. Voor sy vertrek lewer hy verslag oor sy huisbesoek in Vishoek en Sun Valley. Hy skryf: "Daar is 'n paar gevalle van kinders van NG Kerk lidmate wat by ander (veral Engelse) kerke ingeskakel is... My waarneming is dat, hoewel nie in alle gevalle nie, in die meeste gevalle dit kinders van kerklosse ouers is - kinders wat dus hul eie paadjie na die kerk alleen moet loop... Hieraan moet aandag gegee word."

- Prop. Piet Maritz, 'n dienspligkapelaan van Simonstad, help vir die res van die jaar in die gemeente nadat ds. Van der Merwe vertrek het.

- Kerkraadslede mag by geleentheid tydens aanddienste en Kersfees, maar wel in amptelike drag, by hul huisgesinne sit.

- In Augustus bring die Finansiële Kommissie 'n verslag uit oor die moontlikheid en bekostigbaarheid van 'n tweede leraar vir die gemeente 'n behoefte wat al van voor 1974 ten tye van dr. Pieter Potgieter se dienstyd ontstaan het.

- Daar word aanbeveel dat die Sendingskema wat ongeveer 20 jaar gelede ingestel is en uit 36 getroue bydraers bestaan, deel moet word van die Nagmaal-Sendingkoeverte.

## 1987

- By 'n vergadering van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake in Februarie lewer die voorsitter, mnr. D.P. Ackerman, verslag oor die dokument "Kerk en samelewing" wat tydens 'n inligtingsvergadering in die Sinodesaal deur prof. Danie du Toit bespreek is.

- Die totale inkomste vir die jaar kom op R 134 856 te staan.

- Na deeglike besinning word daar besluit om 'n tweede leraar te beroep en 'n bykomende pastorie in Muizenberg vir die som van R 104 000 aan te koop.

- Prop. en mev. J.L. Wahl word in September ontvang. Die ordening en bevestiging vind plaas op Vrydag 4 September en ds. Wahl lewer sy intreepreek die oggend van 6 September.



Prop. en mev. J.L. Wahl

- Tydens 'n kerkraadsvergadering in September doen die voorsitter verslag oor die interkerklike dienste, Nagmaalbediening en Sondagskool wat in Kommetjie gehou word en nie volgens regulasie is nie. Die Bybelinstituut van Kalkbaai is hierby betrokke. Verdere ondersoek en gesprekke sal volg.

- Die Nagmaalsdiens tydens Paasfees verskuif vanaf die oggend van Goeie Vrydag na die voorafgaande Donderdagaand. Dit verwys na die instelling van die Nagmaal die Donderdagaand voordat Jesus en sy dissipels na die Tuin van Getsemané vertrek het.

- Die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake bestudeer verskeie aktuele sake soos byvoorbeeld "Kerk en Samelewing", geregverdigde oorlogvoering, lykverbranding (verassing), saamleef en saamslaap, die misbruik van opvoedkundige platforms vir politieke doeleindes en so meer.

- Na die 40ste vergadering van die Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika doen die afgevaardigde kortliks verslag oor sake soos kerkrade se kleredrag, militêre diensplig, die vrou as ouderling of leraar en ook die hantering van apartheid as 'n politieke en maatskaplike sisteem.

# 1988

- Aan die einde van die finansiële boekjaar toon die state dat die totale inkomste vir die jaar R 168 092 is.

- Sendinguitstallings word op 'n gereelde basis deur verskillende aksies in die kerksaal gedoen.

- In 'n finansiële verslag wat in Oktober voor die kerkraad dien, word soos volg aanbeveel: "Alles moontlik moet gedoen word om die dankofferinkomste te vermeerder en dat daar waar enigsins moontlik bespaar moet word. Ons kan niks bekostig wat nie absoluut noodsaaklik is nie." Ds. Jan Mostert van die Bybelinstituut van Suid-Afrika (te Kalkbaai) word as 'n vrywillige kommissielid van Evangelisasie en Sendingaksie ingespan om met behulp van die leraars 'n plaaslike sendingaksie in die gemeente op die been te bring.

# 1989

- Op ekonomiese gebied is dit 'n moeilike tydperk. Verbandkoerse styg op 1 Februarie van 16,5% tot 17,5% en teen l Julie staan die koers op 19,5% wat 'n groter finansiële las op die gemeente lê.

- Die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake gaan voort om aktuele sake deur middel van besprekingsessies te ondersoek. Sake soos die "toenemende vervlakking van sedelike norme" word onder andere getakel.

- Groot ongelukkigheid ontstaan by die sangleier en orreliste toe die kerkraad besluit dat "sekere gekeurde liedere uit die Jeugsangbundel en die Hallelujaboek voor en gedurende beide eredienste op een Sondag van die maand gesing mag word". Nog 'n lidmaat skryf oor haar "skok en teleurstelling" oor die besluit en vra "wat is die kerkraad besig om te doen?" 'n Ander prominente persoon in musiekkringe stel voor dat die kerkraad sy besluit moet heroorweeg "né deskundige raad ingewin is van goedopgeleide kenners van Kerkmusiek." Al die besware is deeglik bestudeer, maar die besluit is herbevestig omdat "die kerkraad kerkregtelik opgetree het" en omdat "ons jeug in al groter getalle ons Kerk

verlaat. Baie sluit by sogenaamde 'Charismatiese bewegings' aan en een van hulle groot beweegredes is ons sang. Ons kan nie die behoeftes en gevoelens van ons jeug, wat 'n baie groot persentasie van ons gemeente uitmaak, ignoreer nie. Is een Sondag in 'n maand te veel gevra om ook in ons jeug se behoeftes te voorsien?" Die sangleier bedank uit sy amp na 19 jaar.

- Die totale inkomste aan die einde van die finansiële boekjaar kom te staan op R 187 963.
- Daar is 957 belydende lidmate by 575 besoekpunte.
- Vier kampe word gehou: kerkraadskamp, gesinskamp, huweliks-verrykingskamp en 'n gemeentekamp.
- Deeglike ondersoek word gedoen na die moontlikheid om die pastorie in Muizenberg te vervang met een in Vishoek. Daar moet veral gekyk word na die finansiële implikasies.

# 1990

- 'n Besprekingsdokument aan kerkrade, naamlik "Vredemakers vandag" word in diepte bespreek en behandel. Insiggewende vrae word gevra en beantwoord.
- Diakens word versoek om sensitief te wees, voorbidding en bystand te gee aan persone wat deur die Vloot kennis gegee is weens die besnoeiing van personeel.
- Die eerste kerkraadslede van die gemeente wat aan die Comrades Marathon deelneem, is diakens Calitz en Raath.
- Die gemeente ontvang 'n erflating van RIO 000 uit die boedel van wyle mnr. Tokkie de Villiers. Die betrokke bepaling lui: "A cash sum of RIO 000 to DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK FISH HOEK, CAPE, to be used for the poor and needy of the district." Die geld word vir ses maande by Volkskas Bank belê teen 'n rentekoers van 19%.

- Die kerkraad besluit eenparig op 14 April dat die pastorie in Muizenberg nie vervang sal word met een in Vishoek nie.

- Die totale inkomste vir die 1989/1990 finansiële boekjaar is R238 887.

# 1991

- Ds. Ozrovech ontvang op 14 April sy demissie na 40 jaar in die bediening.

- Ds. en mev. Wahl trek - met die kerkraad se goedkeuring - na die pastorie in Vishoek nadat ds. en mev. Ozrovech na die Strand verhuis het.

- Goedkeuring word verkry om 'n mediasentrum te begin. Mej. Bettie de Jongh is die sameroepster van 'n gekose komitee onder leiding van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.

- Tydens die kerkraadsvergadering van 25 April word twee briewe voorgelees waarin lidmate beswaar aanteken oor sekere sake. Die een klaer vra onder andere: "Wie kies die kerkraadslede? Wie beroep die leraar? Wie is verantwoordelik vir die fondse in die gemeente? Behoort die gemeente dan nie 'n sê in genoemde sake te hê nie?"

- Prop. J.H. van Heerden word as nuwe leraar na die gemeente beroep. Sy ordening en bevestiging vind kort daarna plaas.



Proponent Jan en mev. Annemarie van Heerden,
Johan en Soniké.

- Die kerkraad verleen toestemming dat 'n seniorsklub gestig mag word. Daar is spoedig heelwat lede.

- 'n Beswaarstuk van 'n lidmaat-egpaar aan die kerkraad handel onder andere oor die 1983-Bybelvertaling, die liedere wat by die erediens gesing word, die Sondagskool werkboek "Hoor en doen", die ontheiliging van die Sabbat, homoseksualisme, Kommunisme en die Rustenburg kerkeberaad. 'n Antwoordstuk op hul besware word by twee geleenthede met hulle bespreek. Daar word soos volg genotuleer: "Ons uitgangspunt met betrekking tot die besware is, dat ons die Sinodale besluite en die leer van die NG Kerk handhaaf, terwyl ons in liefde hulle besware probeer antwoord en hulle as lidmate van ons kerk probeer behou."

- 'n Gemeentelid kla in 'n brief oor die diakens (mans en dames) se kleredrag.

# 1992

- Die slagspreuk vir 1992 is "DEUR LIEFDE OPGEBOU TOT DIENS".

- Die gemeente trek swaar wat die finansies betref. Na samesprekings met die leraars stel hulle self voor dat 'n kleiner verhoging, naamlik 11%, aan hulle toegestaan word.

- Briewe met besware is aan die orde van die dag. 'n Lidmaat-egpaar skryf: "Ons het met groot ontsteltenis kennis geneem van die lofprysingskursus wat deur die kerkraad ondersteun word." 'n Ander lidmaat kla oor die voorafsang: "Die hele week sien 'n mens daarna uit om die Here te loof en te prys voor die diens, maar omdat ons soveel nuwe en moeilike liedere sing, vind ek dat ek nie die geleentheid kry nie. As Christen is dit vir my belangriker om in die regte stemming te kom in plaas van om te kan sê dat ons die hele gesangeboek ken." Skrywes waarin beswaar gemaak word teen die wyse waarop daar vir die jeugnaweek in Mei reklame in die kerk gemaak is, word ook ontvang.

- Volgens die finansiële state is die totale inkomste vir die boekjaar R284 402.

- Tydens 'n diakonievergadering op 21 Mei word genotuleer: "Al hoe meer lidmate word hulpbehoewend..." In 'n omsendskrywe van die Saakgelastigde, ds. M.J. Basson, word die volgende uitgelig: lae ekonomiese groei, verswakkende inkomste van gesinne, hoë rente- en inflasiekoers

- Daar is vyf aktiewe Bybelstudiegroepe in die gemeente - oorwegend dames.

- Mej. Chrissie de Villiers aanvaar 'n sendingpos vir vroue- en kinderbediening in Mosambiek. Sy versoek Vishoekgemeente om haar uit te stuur en te ondersteun.

- Mej. Ruth Radloff, kleindogter van wyle ds. C.H. Radloff wat jare gelede leraar van die Kalkbaaigemeente was, besoek die gemeente op 27 September en woon die oggenddiens in die Radloffsaal te Lakeside by om 'n bydrae te oorhandig.

- Die wyse van jeugbediening en musiek/sang maak steeds opslae.

- Die Seniorklub verander hulle naam na Uitspanklub. Daar is 30 lede.

- Die Mediasentrum is stadig maar seker besig om uit te brei ten spyte van swak ondersteuning.

- In 'n skrywe aan ds. M.A.V. van der Merwe van die Kommissie vir Getuienisaksie in die Wes-Kaap skryf mnr. C.H. Oberholzer in September soos volg: "Ons gemeente bevind hom op die oomblik in 'n oorgangs- of ontvriesingsfase vanaf die tradisionele 'Dominees-kerk' na 'n gemeente wat op die liggaamsmodel gebaseer is." Hy lig dan sekere knelpunte uit soos "weerstand teen verandering, onbetrokkenheid van die grootste deel van die gemeente, baie kinders/jongmense voel ontuis/onvergenoegd in die erediens" en so meer.

- Die orreliste tree na meer as 20 jaar uit diens. Sy het veral bygedra tot die kwaliteit van die musiek en sang in die gemeente.

# 1993

- Tydens 'n kerkraadsvergadering op 25 Februarie verdeel die lede in groepe om te besin oor die toekoms van die Kerk en gesprekke te voer oor: die Kerk se gewildheid neem af; toename in misdaad en onmin tussen mense; al hoe meer klem word op die mens en sy behoeftes gelê; en die sendingveld op ons drumpel. Uit die besinning kom die volgende terugvoer: besin oor eenheid om kerk teen versplintering te beskerm; beplan vir onsekerheid by mense - polities en ekonomies; reik op beplande manier na lidmate uit om vir hulle 'n anker te gee; en die Kerk moet aanpas by veranderde omstandighede sonder om die BOODSKAP te verskraal.

- Die maatskaplike werkster van die CMR lewer verslag by 'n Diakonievergadering oor die geweldige nood wat in die gemeenskap bestaan.

- "Die Ark" waar werkloses en haweloses onderdak kry, word ook deur sommige lidmate ondersteun.

- Die Kommissie vir Sending en Evangelisasie beveel aan dat 'n groot wêreldkaart in die kerk aangebring word om voorbidding vir wêreldsending by die gemeente aan te wakker.

- 'n Diaken verloor sy basaarlys met al die geld wat hy ingesamel het. 'n Huishulp tel dit op en gaan gee dit vir haar werkgeefster. Die kerkraad besluit om haar te beloon.

- Volgens die state aan die einde van die finansiële boekjaar 1992/1993 is daar 'n totale bedrag van R343 846 ingesamel. Die totale uitgawes was R310 313. In vergelyking met die vorige jaar waar daar 'n tekort van R24 000 was, beloop die oorskot nou R33 532.

- 'n "Wilde motoris" beskadig die heining van die pastorie in Muizenberg. Die herstelkoste word deur die versekering betaal.

- Die Kommissie vir Gemeentebediening beveel aan dat daar in die nuwe boekjaar telefoon-antwoordmasjiene vir die leraars en 'n faksmasjien vir die kerkkantoor aangekoop moet word.

- Die leierdiaken onderneem om namens die kerkraad 'n brief aan die St. James Kerk in Kenilworth te skryf na aanleiding van die getuienis wat hulle gelewer het na die slagting by hulle kerk.

- 'n Deeglike en uitgebreide Beleid vir Sendelinge verskyn in Augustus. In November word Engelssprekende ouers se baba gedoop. Die diens is ook in Engels.

- Die nuwe politieke bestel gaan ten spyte van alles ook gepaard met terroristedade. Gevolglik besluit die kerkraad om 'n telefoon as 'n noodmaatreël in die konsistorie te laat aanbring.

- Die gemeente se betrokkenheid by Sending begin momentum kry toe Willie en Elize Botha beplan om in Malawi te gaan werk en Marié van Wyk bekendmaak dat sy beoog om op die Doulos te gaan werk na 'n opleidingstydperk by Operasie Mobilisasie. Hulle sal aldrie deur die Sendelingfonds gedra word.

# 1994

- Bo en behalwe kategese, is daar nie veel aktiwiteite waaraan die jeug deel kan hê nie. Die bestaande koffiekroeg wil maar net nie tot sy reg kom nie. Die Jeugkommissie voel egter dat dit nie tot niet moet gaan nie. Later die jaar verbeter die situasie.

- Die lidmaattal staan op 969.

- Die inkomste aan die einde van die finansiële boekjaar kom op R338 158 te staan en daar is 'n tekort van R4 493.

- Die aanddienste word aanvanklik in die kerksaal gehou waar 'n groepie jongmense die musiekbediening behartig.

- Ds. Van Heerden rig namens die kerkraad 'n skrywe aan die CNA om protes aan te teken teen sekere publikasies (pornografiese tydskrifte) wat deur hulle winkel te koop aangebied word.

- In Augustus neem die gemeente deel aan 'n gesamentlike diens met ander Protestantse kerke in die Vishoekvallei. By 'n Dagbestuursvergadering word dit ook beklemtoon dat onderlinge skakeling met ander kerke en gemeentes, veral met dié van die VGK in Noordhoek, van uiterste belang "in die huidige tyd" is.

- 'n Pre-advieskommissie word in die lewe geroep. Hulle taak is onder andere om te sorg vir nominasies t.o.v. vakatures op die kerkraad, deurlopende evaluering van die funksionering van die kerkraad en die moontlikheid van herstrukturering ter wille van groter effektiwiteit te ondersoek.

- Tydens die Sendingweek tree eerwaarde Lesley James van die "William Carey School of World Missions" in Durban as hoofspreker op.

- Die kerkraad gee aandag aan die implementering van 'n dienswerkerstelsel.

- Die Uitspanklub gaan van krag tot krag - dis die bedrywigste groep in die gemeente!

# 1995

- Dis Jeugjaar en verskeie aksies sien die lig. In Februarie word 'n jeugnaweek gehou en verder word daar met groot entoesiasme fondsinsamelings gehou sodat van die jongmense die "Love Southern Africa" saamtrek kan bywoon.

- Daar word besluit om a.g.v. getalle die Lakeside kategese te staak en die kinders by Vishoek in te skakel.

- Wolf en Wenda Cilliers word as sendelinge by Africa Inland Mission aanvaar en begin met die nodige voorbereidings.

- Misdaad neem oral toe en selfs die Kerksentrum loop onder 'n inbraak deur.

- Aan die einde van die 1994/1995 finansiële boekjaar toon die state 'n totale inkomste van R338 339. Daar is egter 'n tekort van R32 380.

- Die koffiekroeg word gestaak as gevolg van te lae bywoning. Daar word op 'n nuwe formaat besluit, naamlik 'n tiener-Bybelstudie en slegs een keer per maand koffiekroeg. Laasgenoemde sal 'n sosiale vorm aanneem.

- 'n Nuwe stelsel van dankofferinsameling word ondersoek - onder andere deur middel van aftrekorders. 'n Skrywe in Mei noem die "grootste enkele rede vir die opvallende afplatting in gemeente-inkomste..." is "...waarskynlik die geleidelike verswakking in die ekonomie...met gepaardgaande verskynsels soos afdankings, regstellende aksie, vroeë pensioen en salarisbevriesings."

- Piet van der Merwe, voorsitter van die Kommissie vir Administrasie, kondig sy uittrede aan. Hy was sedert 1947 by die kerkraad betrokke.

- 'n Voorstel deur die Kommissie vir Gemeentebediening lei tot die ontstaan van 'n nuusbrief met allerlei gemeentenuus.

- Gesprekke vind plaas rondom die aantal eredienste op Sondae, asook die vorm daarvan. Die begrip "formele en informele dienste" word verduidelik.

# 1996

- Al hoe meer selgemeentes ontstaan, onder andere in Kommetjie, Vishoek en Muizenberg.

- Piet van der Merwe se uittrede was baie kortstondig, want in Februarie word daar soos volg genotuleer: "Besluit dat mnr. P.T. van der Merwe as bykomende lid (van die Kommissie vir Administrasie) gekoöpteer word met oorhoofse beheer en kontrole namens die kerkraad oor die werksaamhede van die kerkkantoor as opdrag, in ooreenstemming met die besluite en voorskrifte van die kerkraad".

- In April word 'n Bybelkiosk by die Kalkbaai Hawe geopen.
- Die finansiële state toon 'n groot verbetering op dié van 1995. 'n Totale bedrag van R420 570 is ontvang, wat 'n oorskot van R29 479 tot gevolg het.
- Wolf en Wenda Cilliers vertrek Madagaskar toe en Willie en Elize Botha word Pretoria toe verplaas. Ds. Louwtjie Wahl maak hom gereed om saam met 'n predikantestudiegroep, onder leiding van dr. George Melleck, Egipte te besoek.
- Terugvoering oor die informele dienste is baie positief. "Dit wil voorkom asof die totale bywoning van die twee eredienste" baie beter is as wat dit was by die enkele oggenddiens wat voorheen gehou is.

# 1997

- Aansoeke om lidmaatskap oor gemeentelike grense heen kom al hoe meer voor.
- Marié van Wyk sluit vroeg in Februarie in die Filipynse Eilande by die Doulos aan.
- Ongeveer 25 gesinne word reeds by selgemeentes betrek.
- Die voorstel dat die leraars nie meer tydens Nagmaal en Doopdienste hulle toga's hoef te dra nie, word bekragtig.
- Die begraafplaas langs die kerk is jaar na jaar 'n besprekingspunt op agendas. Dié kerkhof moet volgens 'n bepaling in 'n testament deur die Vishoekgemeente versorg en in stand gehou word. Die Uitspanklub het die versorging daarvan oorgeneem. Die kerk probeer ook al 'n geruime tyd dié oop stuk grond agter die begraafplaas in die hande kry. Die trustees van die H.S. en J.I. de Villiers Trust besluit om wel die grond aan die kerk te gee.
- Die orrel moet opgeknap word - teen 'n koste van R4 500.

- Die inkomstestaat aan die einde van die finansiële boekjaar toon dat die totale bedrag R513 129 beloop - 'n oorskot van R47 614.

- By 'n Dagbestuursvergadering in Augustus word daar besin oor die funksionering van die kerkraad en oor 'n moontlike struktuursverandering wat 'n meer effektiewe bedieningspatroon kan meebring.

- Dit word nodig om die kerkkantoor, saal en kerkgebou met 'n alarmstelsel toe te rus na 'n inbraak in Augustus.

- Gideon Manda wat van Malawi kom, is 'n student by die Bybelinstituut in Kalkbaai en Vishoek is een van die gemeentes wat verantwoordelikheid vir sy studiegeld aanvaar.

# 1998

- Die gemeentelike nuusbrief word oorgeneem deur 'n kundige persoon op dié gebied, naamlik Suzanne Frick.

- Goeie nuus is die verlaging van die verbandrentekoers van na 18% en toe weer na 17%.

- Groot werk moet aan die kerkgebou gedoen word. 'n Lywige verslag word uitgebring en R100 000 word daarvoor begroot.

- Die nuwe arbeidswet kom vir eerste keer ter sprake toe die skoonmaakster kraamverlof benodig, alhoewel sodanige verlof nie in haar reglement van orde vermeld word nie.

- Deur middel van "Projek Nuwe Lewe" word werkloses en haweloses nie net liggaamlik gevoed nie, maar kry hulle ook geestelike bearbeiding.

- Ds. Van Heerden gaan op YWAM se uitreik na Madagaskar.

- Nagmaal word tuis bedien aan lidmate wat as gevolg van swak gesondheid nie meer die eredienste kan bywoon nie.

- 'n Brief vanaf die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake versoek dat die saak rondom die Belydenis van Belhar aan die gemeente verduidelik moet word. Dit geskied in Junie.

- Daar is 918 lidmate in die gemeente.

- Die kerk skaf 'n lisensie aan vir die reproduksie van materiaal wat gewoonlik deur kerke gebruik word. Christian Copyright Licensing is die enigste organisasie wat sulke lisensies verskaf.

- Die totale inkomste gedurende die finansiële boekjaar is 'n bedrag van R592 096 en laat 'n oorskot van R38 282.

- 23% van die gemeentefondse word vir sendingverwante sake aangewend.

- Die "Simonstadwyk" ontstaan a.g.v. die aantal lidmate wat by Vishoek aangesluit het, maar in die Simonstad omgewing woon.

- Verbandkoerse styg weer. Op 1 Julie staan dit op 19% en op 1 Desember op 22%.

- In November bely ds. Wahl aan die gemeente dat hy hom laat herdoop het. Spesiale kerkraadsvergaderings word gehou om die saak met ds. Wahl te bespreek en hom die geleentheid te gee om op vrae te antwoord. Ook die kerkraadslede kry kans om skriftelike voorleggings te maak. 'n Finale en baie simpatieke verslag word deur die kerkraad opgestel en aan die Ringskommissie voorgelê wat weer op hulle beurt sake van hierdie aard aan die Sinode moet deurgee. Vroeg in Desember word ds. Wahl egter uit sy amp ontslaan en ontvang 'n skeidingspakket. Nog agt kerkraadslede word in hul amp gestuit omdat hulle ook herdoop is. Die Wahl-egpaar neem roerend afskeid van die gemeente. Verdeeldheid heers oor die ongelukkige gebeure.

# 1999


- Ds. Van Heerden en sy gesin verhuis na die Vishoekpastorie.
- Die herstelwerk aan die kerk beloop 'n totale bedrag van R111 922.
- Piet van der Merwe kondig aan dat hy finaal uittree en nie weer beskikbaar is vir enige amp nie na 52 jaar.






Bo: Die waterverfskildery van die kerk wat aan Piet van der Merwe oorhandig is met sy afskeid. Hierdie skildery hang tans langs die deur van die kerkkantoor.

- 'n Spesiale kommissie Sien die lig. Hulle opdrag is om die kerkraad met raad te bedien rakende die nuwe Arbeidswetgewing.
- Die 1998/1999 finansiële state toon 'n totale inkomste van R596 495 aan die einde van die boekjaar. Daar is egter 'n tekort van RI00 501, want die bedrag wat aan die herstelwerk van kerkeiendomme bestee is, kom op R137 072 te staan.
- In Junie word ds. M. Barnard na Vishoek beroep. Hy aanvaar die beroep en word op 21 Augustus hier in sy amp bevestig.



Ds. Martin en mev. Estelle Barnard met Marizelle en Elmarie.

- Die Kommissie vir Gemeentebediening beveel aan dat die pastorie in Muizenberg verkoop moet word en dat 'n huis in Vishoek oorweeg moet word. Agente maak 'n bemarkingskatting van R295 000 vir die Muizenbergpastorie. Die Eiendomskommissie hanteer hierna die saak.

- 'n Gedenkmuur vir geliefdes se as word 'n al hoe groter werklikheid.

- Ds. Barnard en die Jeugkommissie vorder met rasse skrede wat betref die betrokkenheid van jongmense en kinders in die gemeente.
  35 jongmense woon spoedig die jeugselgroepe by.

- 'n Gebedsaksie vir onbereikte groepe kry momentum. Die 10/40 venster word bekend gestel en op 'n wêreldkaart in die kerk aangebring.

- Die gemeente neem saam met die ander kerke in die Vallei deel aan die Millennium feesvieringe op Oujaarsdagaand.

# 2000

- Die state aan die einde van finansiële boekjaar toon 'n redelike daling, maar ten spyte daarvan is daar 'n oorskot van R25 692. Die totale inkomste was R519 959.

- Die doel van Sendingweek gedurende Aprilmaand is "om 'n groter sendingvisie by gemeentelede wakker te maak". Die gemeente maak vir die eerste keer geloofsoffer-beloftes. Sewe vlagpale met verskillende vlae word aangebring om die wêreldfokus op Sending te simboliseer. 'n Nuwe tjekrekening vir die Sendelingfonds word geopen.

- Die kinders wat die koffiekroeg bywoon, groei aan tot 50.

- 'n Poging om die horlosie in die toring te herstel is nie suksesvol nie.

- Ds. Barnard, sy span tieners en 'n groepie volwassenes onderneem 'n baie geslaagde uitreik na Worcester. Die Julieverslag van die Jeugkommissie weerspieël reeds die suksesvolle jeugbedienings en –bedrywighede in die gemeente.

- Die Uitspanklub vier hulle tiende bestaansjaar.

- Teen November het agt mense reeds hul name opgeskryf vir die Gedenkmuur. Twee se betalings is ook ontvang.

# 2001

- Alhoewel die gemeente se inkomste gedurende die 2000/2001 finansiële boekjaar op 'n totaal van R696 11 8 te staan kom, is daar 'n tekort van R4 722. Een van die redes blyk te wees die vele aksies wat van die grond af moes kom.

- Die volgende sendelinge/studente vir sendingopleiding/projekte word deur die gemeente finansieel ondersteun: Willie Botha, Marié Eichstadt (née Van Wyk), Wolf Cilliers, André Nortje, Heri en Sonia Ramanantsialonina, Cobus Oosthuizen, Gideon Manda, Projek Nuwe Lewe, Happy Valley Home en vele meer.

- Die Ichthus se redakteur, Suzanne Frick, verhuis. 'n Nuwe redakteur word gesoek.

- Die Alphakursus word aan die gemeente bekend gestel.

- Die kerkhorlosie werk weer na werk aan die meganisme.

- Uitreike na Mosambiek en Worcester word beplan.

- 'n Koor word weer op die been gebring onder leiding van die orrelis, Johan Horn. Hulle beoog om elke tweede week by die formele diens op te tree.

- Die Kinderkrans verander van naam en word die Jubelklub.

- Die grond wat aan die begraafplaas grens, word uiteindelik aan die kerk geskenk. Die onderhandelinge was vir 'n paar jaar hangende. Sekere sake moet egter nog uitgeklaar word voordat oordrag kan plaasvind.

- Die pastorie in Muizenberg word verkoop vir R320 000 en 'n huis in Saundersslot word as 'n tweede pastorie vir R395 000 aangekoop. Oordrag van beide eiendomme geskied in Julie.

- Daar is reeds 23 nisse in die Gedenkmuur verkoop.

- Al hoe meer gemeentelede van omringende gemeentes versoek lidmaatskap van Vishoek.

- Beloftes vir die Geloofsoffer beloop R204 000.

- Die Vrouediens is baie bedrywig en bied verskeie interessante projekte aan.

# 2002

- 'n EE 111 -kursus word vroeg in die jaar aangebied.

- Die huidige kerkgebou is 50 jaar oud. 'n Feesnaweek word vanaf 10 tot 12 Mei gehou. Prof. Pieter Potgieter word na die verrigtinge genooi om een van die eredienste waar te neem. 'n Gedenkplaat word ook onthul.




Bo: Gedenkplaat onthul tydens die 50ste bestaansjaar vieringe van die NG Vishoek kerkgebou. 12 Mei 2002.



Links: Spesiale rooiwyn, witwyn en druiwesap wat deur die kerk verkoop is met die 50 jaar viering van die kerkgebou.

- Die Ichthus kom in die hande van 'n redaksie waar Leonard Brand die leisels hou. 'n Spesiale uitgawe verskyn om die 50-jarige herdenking van die kerkgebou te vier.

- 'n Netwerkkursus, "Ontdek jou gawes", word aangebied.

- Die totale inkomste gedurende die 2001/2002 finansiële boekjaar is R844 000.

- Die kerkhorlosie gee weer probleme. Die Vrouediens en die Uitspanklub onderneem om die geld wat vir die herstelwerk benodig word met behulp van projekte in te samel.

- Die liturgiese ruimte word vergroot sodat die orkes beter geakkommodeer kan word.

- Doulos besoek Kaapstad en gemeentelede kry die geleentheid om daar besoek af te lê en hulle te vergewis van Niel en Marié Eichstëdt se werksomgewing.

- Byeenkomste vir die naskoolse jeug onder leiding van Cobus Oosthuizen begin momentum kry. Hierdie groep staan bekend as die "Young Adults".

# 2003

- Die nuwe Omgeebediening wat begin is, neem nou verantwoordelikheid vir die volgende aksies in die gemeente: Bejaardesorg, Armsorg, Siekesorg, Nuwe intrekkers.

- Aan die einde van die 2002/2003 finansiële boekjaar toon die state dat daar 'n totale inkomste van R898 002 was. Die oorskot is R 106 677.

- Die jaarlikse dankfeesbasaar kry 'n nuwe naam en word nou die Visfees genoem.

- 'n Spesiale klein Nagmaalstelletjie in twee houtkissies, wat deur Charles Oberholzer gemaak is, word gebruik om die Nagmaal aan siekes en verswakte bejaardes tuis te bedien.

- Ds. Barnard en sy jeuggroep asook 'n span volwassenes onderneem 'n baie geslaagde uitreik na Fraserburg gedurende die winterskoolvakansie.

- Oor die algemeen gaan dit goed met die gemeente en is die Here se seën oral te sien. Vele aksies en bedienings sorg veral gedurende die skoolkwartaal vir 'n baie vol gemeenteprogram waar lidmate van alle ouderdomme betrek word. Dat dit 'n ware lewende gemeente is, kan nie betwis word nie. Daar word nie net na mense se geestelike behoeftes omgesien nie, maar die geborge samesyn en saamdoen, openbaar 'n ware Christusgees.

# 2004

- Die "40 dae Doelgerigte Lewe" seminaar se afsluiting val saam met die Pinksterfees. Tydens hierdie geleentheid word 'n uitstalling in die kerksaal gehou waar elke kommissie of bediening die geleentheid kry om hulle werksaamhede aan die res van die gemeente bekend te stel.

- Daar word ernstig gewerk vir die aankoop van 'n nuwe klankstelsel voor die einde van die jaar. Kundige gemeentelede is hier betrokke.

- Die 2003/2004 finansiële state toon 'n totale inkomste van R906 916 aan die einde van die boekjaar. Dit laat 'n oorskot van R49 743.

- Die situasie in Zimbabwe het sodanig versleg dat die Sinodale Kerkkantoor vir die tweede agtereenvolgende jaar 'n beroep op SuidAfrikaanse gemeentes doen om 'n bydrae te maak. Vishoekgemeente doen dit deur middel van 'n deurkollekte asook 'n bedrag uit die kerkkas.

- Tydens 'n kinderdiens bring die kinders self R2 120 aan dankoffers in. Die helfte van die geld word aan die S.A. Kinderhuis oorgedra en die ander helfte word vir jeugaktiwiteite in die gemeente aangewend.

- Alarmstelsels word by die twee pastorieë en die Radloffsaal geïnstalleer en 'n selfaangestelde motorwag pas tydens eredienste die motors op.

- Die gemeente se Eweredige Aanslag vir 2004 is R83 234.99 - 'n bedrag wat 'n klompie jare gelede die gemeente se hele jaarlikse begroting was.

- 'n Engelse kategeseklas word vir grade 4-6 begin omdat die behoefte al hoe groter word.

- Die totale inkomste van die Geloofsoffer vir die 2003/2004 boekjaar is R197 000.

- Die kinders by die A2J, onder leiding van ds. Barnard, lede van die Jeugkommissie en volwasse gemeentelede onderneem 'n uitreik na Brandvlei gedurende die winterskoolvakansie. Hierdie jeugaksie is nie

- Die kinders by die A2J, onder leiding van ds. Barnard, lede van die Jeugkommissie en volwasse gemeentelede onderneem 'n uitreik na Brandvlei gedurende die winterskoolvakansie. Hierdie jeugaksie is nie net sterk aan die groei wat getalle betref nie, maar veral ook wat geestelike groei betref. Hulle gee terugvoer en lewer getuienis by die oggenddienste op 5 September.

- By die Uitspanklub woel en werk ongeveer 70 deelnemende seniors. Hulle het ook vanjaar 'n bedrywige en propvol jaarprogram.

- Die Vrouediens verskaf waaiers aan die kerk, want nadat van die boonste ronde vensters permanent toegemaak is, is daar probleme met ventilasie. Die kerkraad gee ook aandag aan die probleem en ondersoek die moontlikheid van lugverkoeling wat egter baie duur is.

# 2005

- Nadat die vernietigende tsoenami's in Desember verlede jaar groot gebiede in die Verre Ooste verwoes het, vergesel André Nortje 'n groep van Global Relief na Indonesië om hulp te verleen.

- Aan die einde van die 2004/2005 finansiële boekjaar toon die state 'n totale inkomste van RI 046 393. Die oorskot beloop R73 652.

- Daar word met 'n Bybelskool begin. Ds. Kobus van Zyl, emerituskapelaan en tans ook deeltyds werksaam in die kerkkantoor, neem die leiding.

- Die lidmaattal staan op 1500.

- Die Vishoekgemeente word 150 jaar oud op 9 Desember vanjaar.

- ‘n Feesnaweek van 11 tot 13 November word beplan waar ds. Solly Ozrovech DV sal optree. By hierdie geleentheid word die vorige uitgawe van die feesblad uitgedeel, asook die Ichthus wat die gees van die feesvieringe sal weerspieël. Die naweek word Sondagaand afgesluit met die jaarlikse Kerssangdiens.





Links en bo: Die klein Nagmaalstelletjie wat deur Charles Oberholzer gemaak is, word gebruik om die Nagmaal aan siekes en verswakte bejaardes tuis te bedien.



Bo: Gebedsnaweek, 2004.



Bo: Ichthus redaksie in 2004.



Bo: Jubelklub logo.

Links: Jubelklub personeel.

# 2005: VISIE EN EMBLEEM

**"IN PAS MET GOD"**

Die voorstelling hierbo is die gemeente-embleem van die NG Gemeente Vishoek. Dit is 'n uitbeelding van die Bybelse fondament waarop ons graag al ons gemeentelike aktiwiteite wil bou. Ons leuse is gebaseer op die woorde van 1 Joh 2:6 "Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het."

God werk altyd rondom ons en wil hê dat ons as gemeente deel van Sy plan vir die wêreld sal wees. Ons ideaal is om lidmate deur 'n standhoudende verhouding met Hom, aan Hom alleen gehoorsaam te wees en Sy opdragte uit te voer (Joh 4:21).

Ons wil met oorgawe of 'n "PASSIE" die wat verlore gaan, soek en red sodat elke huis op die ROTS gebou kan wees.

Die woord PASSIE is 'n sinspeling van die leuse "IN PAS MET GOD."

**P** PREDIKING deur eredienste, lering, kategese, getuienis, bybelstudies en lidmaattoerustingsprogramme (Hand 28:31)

**A** AANBIDDING deur lofprysing, musiekbediening, intersessie en bidure. (Kol 3:1 6b, Efes 6:18)

**S** SENDING plaaslik (Jerusalem), projekte buite die gemeente (Judea), uitreike en sendelinge in ander dele van die wêreld (Samaria en verder). (Hand 1 :8)

**S** SORG deur hospitaalbesoeke, huisbesoeke, bejaardes, selgroepe en nuwe intrekkers. (Hand 2:28)

**I** INTERAKSIE deur jeugdienste, jeugselgroepe, koffiekroeg, Jubelklub, Uitspanklub en Ichtus (Prediker 10:9)

**E** EENHEID deur ekumeniese / interkerklike samewerking op alle vlakke. (Efes 4:3)

# DOELSTELLINGS EN BEDIENINGE VOORTVLOEIEND UIT DIE VYF JAAR STRATEGIESE BEPLANNING: 2005

## DOELSTELLINGS

- Verheerliking van God Drie Enig.
- Omgee en sorg vir mekaar.
- Sending / getuienis / Dissipelskap

## BEDIENINGE

- **Kerkraad en dienswerkers**
- **Visfees**
- **Hoenderbraai**
- **Administrasie**
- **Eiendomme**
- **Jeug**
  - A2J
  - Jubelklub
  - Kinderkerk
  - Kategese
  - Uitreike
  - Eenmalige projekte
  - Young Adults
  - Dramagroep
- **Getuienis Aksie**
  - EE 111
  - Sendingweek
  - Sendelingversorging
  - Korttermyn Uitreike
- **Gemeentebediening**
  - Musiekbediening
  - Koor
  - Uitspanklub
  - Selgemeentes
  - Gebed en intersessie
  - Lidmaattoerusting
  - Bybelstudies
  - Mannekamp
  - Gesinskamp
  - Mediasentrum
- Omgeebediening
  - Armsorg
  - Bejaardesorg
  - Siekesorg
  - Nuwe intrekkers
  - Pastorale nasorg
- **SMS en e-pos bediening**
- **Gevangenisbediening**
- **Vrouediens**
  - Gemeente ete
  - Blomme
  - Kothuismark

# AFSLUITINGSWOORD - 2005

Met die ter perse gaan van hierdie feesbundel is baie groot projekte van die jaar reeds afgehandel en ander is nog volstoom aan die gang. Die gemeente gee ook geliefde lidmate aan die dood af. Nuwe intrekkers word omarm en so gou as moontlik by die kerk se werksaamhede en bedienings betrek. Kinders word gedoop en jongmense lê belydenis van geloof af. Die kerkkoor tree gereeld op en die gemeente se sendingakker binne en buite die landsgrense word al hoe groter. Bybelstudiegroepe vergader saam om die Woord en die selgroepe gaan van krag tot krag. Tussen al hierdie bedrywighede deur skep die Vrouediens van tyd tot tyd die geleenthede waar daar ook rustig oor 'n koppie tee gekuier kan word...

Dit dan in 'n neutedop hoe die Vishoekgemeente vir die laaste 25 jaar sy rol in die gemeenskap gespeel het. Tans is dit 'n meelewende gemeente met veral 'n groot sendingaksie binne en buite ons grense. Die jeugbediening is 'n vreugde om te aanskou en die seniors stel 'n voorbeeld van hoe die aftreejare steeds gebruik kan word tot seën van ander. Daar word ook hard gewoel en gewerk in al die aksies van die gemeente. Die pad wat geloop moes word, was nie altyd van die maklikste nie en paradigmaskuiwe moes gemaak word om tred te hou by die behoeftes van die lidmaat van vandag. Tog staan ook hierdie gemeente saam met baie ander kerke reg oor die wêreld tans by 'n kruispad oor kwessies wat vele debatte in die openbare media uitlok - kwessies soos kerkeenheid, homoseksualiteit, aborsie, die Nuwe Hervormers, die Belhar-belydenis en so meer. Soos God deur die eeue sy kerk gerig en gelei het, glo ons dat dit weer so kan wees as ons as lidmate ons gees instel op wat Hy nou vir ons wil sê. Mag ons mooi na Sy Woord luister.

# 2006

- Die finansiële state soos vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006 gee as volg weer: Totale Inkomste was R1 149 537 en die totale Uitgawes was R1 105 096 wat ons laat met 'n oorskot van R44 441.
- Twee studente word Finansieël ondersteun om by die Bybelinstituut in Kalkbaai te studeer.
- Die seilbande op die swel baasbalk van die orrel word vervang.
- Die spreker vir die Geloofsoffer naweek is dr. Johan van Schalkwyk van Lynnwoodrif.
- Mev. Johanna Stiger bedank as koster van Radloff Saal aangesien sy verhuis. Angeline Verster word aangestel as die nuwe koster.
- 'n Los metaalplaat word gemaak om as oprit vir rolstoele te dien by die konsistorie deur en 'n ander een word vasgebout oor die afleivoor.
- Daar is hierdie jaar uitgereik na Loeriesfontein.
- 'n Gemeentekamp vind plaas by Porterville.
- 'n Kommissie van samewerking word verkies om te help met die samewerkingsproses tussen NG Kerk Vishoek en VG Kerk Noordhoek te Ocean View.
- 'n Groot wit skerm word vasgemaak teen muur bokant die preekstoel en 'n nuwe digitale kamera word opgesit om 'n beter beeld van die erediens te herlei na die Moederskamer in die kerksentrum.
- Die totale bywoning van eredienste het ongeveer dieselfde gebly na aanleiding van die statistiek wat strek vanaf 2002 tot 2006. Die tweede diens se bywoning het egter beslis verminder nadat dit verskuif is na 10:45 op 24/07/2005. Daar gaan 2007 weer daarna gekyk word.

- Mev. Chrissie Swart bedank as koster weens haar gesondheid. Mev. Brenda Jones word aangestel in haar plek.

- Rakkies en 'n werksoppervlak word ingebou by die kerkkantoor vir die registerhouer/sendingsekretaresse.

# 2007

- Aan die einde van die finansiële jaar was daar 'n oorskot van R120 458.

- 'n Dagbestuur word verkies om spoedeisende sake te hanteer wat nie kan wag tot die volgende kerkraadsvergadering nie.

- Gemeentelede neem predikings waar by Happy Valley Home in Simonstad wat 'n plek vir haweloses is.

- Daar vind konstante groei plaas by die Young Adults/ Jong Volwassenes. Hulle is nou 24 persone betrokke.

- Ds. Anthonie Wellman is die spreker by die Geloofsoffer naweek.

- Uitreiking is hierdie jaar na Loeriesfontein vanaf 30 Junie tot 8 Julie.

- Simonstad NG Kerk en VG Kerk Noordhoek (te Ocean View) het elk 'n stalletjie by die Basaar gehad as deel van samewerking met mekaar.

- TICS (Tieners in Christus) van His People kerk in Potchefstroom tree vir 'n week in ons gemeenskap op. Maandag was hul by die CSV van Hoërskool Zwaanswyk en vir die res van die week het hulle lewensoriëntering by Laerskool Paul Greyling aangebied. Die kinders het dit baie geniet en het heelwat nuwe liedjies by hulle geleer. Hulle het ook die week by die Jeugweek opgetree wat by Laerskool Paul Greyling aangebied is. Die dramastukke wat hulle tydens die Jeugweek gedoen het was uitstekend. Die spreker vir die Jeugweek was Charlie Holtzkamp. Die Sondag het hul 'n getuienis gelewer tydens die erediens en die Kinderkerk waargeneem.

- Die Vrouediens koop skoonmaakmiddels, tee, koffie, suiker en melk aan vir die Biblia Hawesending kiosk in Kalkbaai.

- 'n Gebedsnaweek vind plaas vanf 2 - 3 Junie met ds. Dave Viljoen as spreker. Hy neem ook die erediens waar op Sondag 3 Junie.

- Twee teologiese studente, een te Bybel Instituut in Kalkbaai en die ander te Universiteit van Stellenbosch, ontvang elk R2 000 studiegeld uit die studiehulpfonds van die gemeente.

- Daar word begin met 'n kommunikasiebediening deur middel van 'n epos oor gemeente nuus wat weekliks uitgestuur word. Daar word ook gebedsversoeke van gemeentelede ontvang deur hierdie kanaal.

- Die Vrouediens koop 'n nuwe mat vir die motorhuis waarop die kinders Sondae sit. Hulle maak ook vir hulle kleurvolle kussings om op te sit. Verder koop die Vrouediens ronde tafeltjies vir die teedrink Sondae en maak tafeldoeke daarvoor. Hulle koop ook urns aan.

- Die buitekant van die saal en die ingangsportaal by die saal word geverf.

- 21 Junie 2007 kom die leraars van VG Kerk Noordhoek (ds. Corrie Klazen, NG Kerk Simonstad (ds. Danie Batt) en di. Jan van Heerden en Martin Barnard van NG Kerk Vishoek bymekaar. Hierdie vergadering is belê om volgens die aanbeveling van die Gesamentlike Wynberg Ringsbyeenkoms van 28 Mei te NG Kerk Wynberg, gestalte te gee aan 'n meer gestruktureerde proses van samewerking. Aangesien die predikante mekaar redelik ken was die gevoel dat daar meer op gemeentelike vlak gedoen moet word om kerkrade en lidmate ook nader aan mekaar te bring.

- Woord-Woema bied op Woensdag 15 Augustus 'n gespreksgeleentheid aan oor die etiese verantwoordelike benadering tot Bio-genetiese ontwikkeling. Die sprekers was Prof. Nico Koopman en die Teologiese Fakulteit Stellenbosch en Prof. Willie Pienaar van die Departement Psigologie by die Mediese Fakulteit Tygerberg kampus.

- 20 Augustus 2007 het ons gemeente 'n gesamentlike kerkraadsvergadering met die VG Kerk Noordhoek (Ocean View) en NG Kerk Simonstad te Ocean View. Die voorstel word gemaak en goedgekeur dat 'n komitee vanuit die drie gemeentes saamgestel word om te kyk na

samewerking op verskillende vlakke en dan by die volgende vergadering terugvoering te gee.

- By die ingang van die kerk is daar vir elke gemeentelid 'n dokument oor kerkhereniging waarop kommentaar gelewer kan word en voorstelle gemaak kan word. Die Kerkraad skep twee geleenthede naamlik 16 en 19 September waartydens gemeentelede vrae kan vra of hul mening kan gee. Al die kommentaar en insette moet by 30 September ingegee word by die plaaslike sinode. Dit word verwerk en dan moet dit by 1 Desember by die Algemene Sinode wees.

- Op 13 Oktober 2007 word daar 'n Kerkraadsbyeenkoms gehou in Vishoek kerksaal om te gesels oor hoe pas die kerk aan in veranderende omstandighede en waarheen is NG Vishoek se gemeente oppad.

- Ds. Jan van Heerden word geregistreerde gemeente verteenwoordiger by Vishoek Gemeenskaps Polisie Forum.

- Vyf mans van die gemeente het Saterdag 25 Augustus tydens 'n werkersdag gewerk om die klippe kleiner te maak met 'n 14 pond hamer en te verwyder op die stuk grond agter die begraafplaas om meer plek te maak vir motors om te parkeer. Nog masjinerie en arbeid is nodig om dit af te handel. Daar moet bepaal word of daar groot rotse onder die wal is en of die grond maklik verskuif sal kan word.

- 'n Nuwe dataprojektor word aangekoop.

- Gemeentelede van 80 jaar en ouer ontvang 'n pakkie koekies vir Kersfees van die Omgeebediening.

# 2008

- Aan die einde van die finansiële jaar was daar 'n tekort van R33 031.
- Lesleen Raath word in diens geneem as registerhouer/Sendingsekretaresse in die plek van Ds. Kobus van Zyl.
- Gaan baie goed met die Young Adults. Daar is nou twee groepe wat op 'n gereelde basis bymekaar kom.
- Ds. Dave Viljoen bied die Pinksterreeks aan, aan die hand van die fliek "As it is in heaven".
- Daar is met 'n Omgeegroep biblioteek begin waar lesmateriaal beskikbaar is vir Omgeegroepe om te gebruik.
- Die Madeliefie kleuterskool gebruik vanaf Januarie 2008 nie meer die kerksentrum nie. Hulle het 'n meer praktiese gebou gekry om te gebruik.
- Tydens 'n werkersdag is ongeveer 120 houtstoele se ruglenings of sitplekke herstel.
- Die Intergemeente reëlingsgroep vergader 31/01/2008. Die plek van byeenkoms en voorsitter word afgewissel tussen die drie gemeentes (VG Kerk Noordhoek, NG Kerk Simonstad en NG Kerk Vishoek). Die leraar in wie se gemeente die vergadering plaasvind neem waar as voorsitter. Die hoofdoel van dié byeenkomste is om raakpunte te vind en daarop te bou en te kyk op watter vlakke ons kan saamwerk.
- Verdere studiehulp word verleen aan 'n lidmaat wat studeer aan die Bybel Instituut in Kalkbaai.
- VBO (Voortgesette Bedienings Onderrig) is verpligtend vir elke predikant. Die keuse van watter kursusse hulle wil bywoon lê by die predikante, solank hul net aan die einde van die jaar 50 punte (50 ure) se kursusse bygewoon het.

- 'n Omgeegroep is betrokke by die traumasentrum in Ocean View. 'n Ander omgeegroep is betrokke by Aurelia se "Love and Care" dagsorgsentrum in Masiphumelele.

- Biblia Hawesending doen 'n uitreik in Kalkbaai. Ons gemeente help met drink en eetgoed.

- Die spreker by die Geloofsoffer naweek van 16 – 18 Mei is ds. Johan Theron.

- Die Mpumalanga Jeugkoor tree by ons gemeente op tydens Sondag 6 Julie se erediens.

- In hul verslag na hul halfjaarlikse stem het die orrelstemmers gesê dat die leerwerk van die swelmasjien en blaasbalke al sleg verslyt het. Hulle het van die gate gelas van die swelmasjien, maar die leerwerk sal haas vervang moet word. Indien die gemeente die 2 enkel styghoogte apart laat herbeleer sal die koste vir die twee R13 596 wees. As ons egter albei herbeleer plus die swelmasjien doen sal die koste in total R18 000 wees.

- Die koste vir herstelwerk aan die orrel word op die aankondigings geplaas. Gemeentelede word versoek om donasies daarvoor te gee. Die kollekte tydens die Kerssangdiens sal ook ten bate van die orrelfonds wees.

- Intergemeente reëlingsgroep vergader 26 Junie 2008 om te beplan en terugvoer te gee oor gesamentlike projekte of projekte van mekaar wat ons kan ondersteun. Gemeentes betrokke is NG Kerk Simonstad, VG Kerk Noordhoek en NG Kerk Vishoek met 3 verteenwoordigers vanuit elke gemeente.

- Die Hadassa Konferensie vir dames, aangebied deur NG Kerk Moreletapark, word by ons gemeente aangebied op 8 en 9 Augustus. Dit word bygewoon deur 110 dames en was baie geseënd gewees.

- Saterdag 30 Augustus kom die Kerkraad by die Gordon's Kampterrein bymekaar om te besin oor die bedieninge en toekoms van die gemeente.

- Die A2J uitreiking vind hierdie jaar na Tulbagh plaas.
- Voedsel word verskaf aan behoeftige kinders by Paul Greyling.
- 'n Besigheidslys van gemeentelede word opgestel en in die gemeente versprei. Dit word ook op die webblad geplaas.
- 'n Lidmaat van die gemeente ontwerp en dateer vir ons die webblad op. Kommissies word versoek om hul inligting en foto's op gereelde basis deur te stuur vir die webblad.
- Melkhoutbome word geplant by die motorhuis oprit van die Kommetjieweg pastorie.
- Daar is met onderhandelinge begin met Nywerheidsbediening om te kyk hoe ons by die Biblia Kiosk in Kalkbaai betrokke kan wees.
- Die deurbreek van die buitenste muur by Kommetjieweg pastorie aan die agterkant word goedgekeur. 'n Deur en vensters sal ingesit word. Die Sondagskoolklas kan dan in en uit gaan sonder om die privaatheid van ds. Jan en Annemarie te skend.
- Die jeug van NG Kerk Wellington-Oos gaan elke jaar op 'n fietstoer ten bate van 'n liefdadigheidsorganisasie. Die Kerkraad gee toestemming dat ongeveer 60 van hulle in ons kerksaal 26 September en Saterdagaand 27 September slaap. Hulle woon dan ook ons erediens Sondagoggend by.
- Die Gemeente se gesinskamp vind plaas by Waterval Kampterrein te Porterville vanaf 17 – 19 Oktober.
- 'n Kas word ingebou onder die trappe by die ingangsportaal van die kerksentrum.
- Die Kerkraad gee toestemming dat die T-hemde, met die gemeente se nuwe logo (Loof Hom, Leef Hom en Verkondig Hom) daarop, aanvanklik met gemeente fondse geborg word. Sodra dit voltooi is sal dit dan aan gemeentelede verkoop word om die koste te verhaal.

- Die Kerkraad keur goed dat 'n muurskildery geverf word teen die saal se muur aan Kommetjie weg se kant. Die nuwe slagspreuk (Loof Hom, Leef Hom, Verkondig Hom) en logo van die kerk sal deel daarvan wees.

- Aan die einde van Oktober 2008 was die gemeente R78 513 agter op begroting en moes R30 000 oorgeplaas word vanaf die Geldmarkfondsrekening na die lopende rekening. Daar was toe R61 652 oor in die Geldmarkfondsrekening. Die Kerkraad voer gesprek daaroor en identifiseer 7 punte waarna gekyk kan word. Onder andere om die kerksaal meer uit te verhuur. Tans is dit net die Weight Watchers wat die saal Woensdagmiddae gebruik en die Fish Hoek Ladies Choir op 'n Vrydagoggend, wat dit teen 'n klein donasie gebruik.

- Die Kerkraad keur goed dat die 40 dae van gemeenskap kursus (Saam is ons beter) in die gemeente aangebied word.

- Op 8 Desember 2008 is die stapgroep van die gemeente naamlik die Visvoete amptelik gestig.


# 2009

- Aan die einde van die finansiële jaar was daar 'n verlies van R10 426.

- Met die afsterwe van 'n lidmaat, het die lidmaat R10 000 aan die gemeente bemaak. Die lidmaat was besonders lief vir orrelmusiek en die Kerkraad besluit om dit aan te wend vir die herstel van die orrel.

- Daar is met Ferdi Botha, bestuurder van Radio CCFM gereël dat hulle regstreeks sal uitsaai vanaf die Visfees.

- Daar is tans niemand beskikbaar om die verantwoordelikheid te neem vir die informele musiekbediening nie. Die oplossings is om iemand professioneel te vergoed om dit te doen, saam met CD's te sing met iemand wat voor staan om voor te gaan of ons moet verander na een erediens op 'n Sondag in Vishoek.



Bo: Die kerkgebou met die kerksaal aan die regterkant.




Bo: Die muurskildery wat in 2008 op die saal se muur aangebring is.

- 'Ds. Gerhard Barnard is die spreker by die 2009 Geloofsoffer naweek .

- Ds. Dave Viljoen neem die Pinksterreeks by ons gemeente waar in 2009.

- n Lidmaat maak 'n kas vir die versterker van A2J in die saal en die Eiendomskommissie voorsitter, monteer dit onder die verhoog en lê die nodige kragdrade aan.

- Die kerkraad neem kennis dat ons gemeente voortaan nie net 'n gemeente met 'n paar selgroepe sal wees nie, maar dat die plan is dat die gemeente 'n volwaardige selgroepgemeente sal wees. Daar is tans 18 Selgroepe. Die selgroepbediening se naam verander na Omgeegroepbediening.

- Die kwartaallikse informele aanddiens (jeugdiens) vervang nie die kwartaallikse byeenkoms van die selgroepe nie. Die eerste aand jeugdiens vind plaas op Sondag 16 Augustus 2009.

- Pastoor Jonathan Clayton van Hope Prison Ministry en ds. Koos en Lucia Oosthuysen wat saam met hom werk vertel die gemeente tydens die oggenddiens (16 Augustus) van hul bediening by die gevangenisse.

- Die gemeente bied 'n geleentheid aan waar die sanger Jak de Priester optree as fondsinsameling vir die gemeente. 'n Wins van R2 120 is by dié geleentheid gemaak.

- 'n Strukturele ingenieur kom kyk wat die strukturele skade aan die toring is voordat daar met die herstelwerk begin kan word. Dit reën onder andere in by die lintels bo die vensters. Stukke sement is weggevreet en die drade van die lintels is ook nou al geroes.

- 'n Heining en 2 hekke word om Elsie, ons gemeente se skoonmaker, se huis geïnstalleer.

- Twee sendelinge, afkomstig van Afrika, wat besig was met sendingwerk in Masiphumelele en Ocean View het besoek afgelê by Laerskool Paul Greyling. Tydens die Jubelklub byeenkoms het hulle vir die leerlinge vertel van die omstandighede in hulle eie lande, hoe hulle tot bekering gekom het. Hulle het ook lekker saam gesing met kitaar- en klavierbegeleiding.

- A2J vier hul 10de verjaarsdag waartydens die Graad 6 jongmense vir die eerste keer 'n byeenkoms kan bywoon.

- Nog musiekstaanders word aangekoop.

- Die gemeente neem deel aan 'n Skoendoos projek gevul met geskenkies vir Kersfees vir kinders van 'n Kinderhuis in Ottery.

# 2010

- Die finansiële state soos vir die jaar geëindig 28 Februarie 2010 wys op 'n surplus van R192 256.

- Die werk aan die kloktoring is voltooi. Dit het 'n jaar waarborg op hulle werk so ons sal in die reënseisoen eers werklik kan sien of daar nog iewers 'n probleem is.

- Terwyl die kontrakteur gewerk het aan die ronde vensters by die vooraansig van die kerkgebou het die rame heeltemal verkrummel en moes dit vervang word.

- Die Kerkraad bespreek die moontlikheid van een erediens op 'n Sondag by Vishoek naamlik om 09:00 – 10:00 met die kategese daarna aangesien die tweede erediens baie swak bygewoon word. Die formele en informele erediens sal dan roteer. Die eredienste by Lakeside gaan voort soos gewoonlik.

- TICS (Tieners in Christus) is vir 'n week (28 Februarie tot 7 Maart) betrokke by Paul Greyling Laerskool. Hulle tree ook die Dinsdagaand op by A2J asook tydens hulle kamp. Hulle neem ook die Kinderdiens waar die Sondag voor hulle vertrek.

- Die Omgeegroepkommissie voel dat die formele en informele eredienste tydens die vakansie moet roteer. Daar moet met die gemeente gekonsulteer word voordat daar besluit word op slegs een erediens op 'n Sondag.

- Skoolklere ter waarde van R8 439 is aangekoop vir behoeftige kinders by Laerskool Paul Greyling. Di. Martin Barnard en Jan van Heerden het dit aan die kinders oorhandig.

- Daar het hierdie jaar weer 'n uitreik plaasgevind na Fraserburg. Sestig mense was deel van die span waarvan 40 van A2J jeug was.

- Dr. Richard van Wyk van NG Studente Kruiskerk in Stellenbosch neem die Pinkster waar vanaf 16 – 20 Mei.

- 'n Tweede koordlose oormikrofoon word aangekoop dan hoef die leraars nie een te deel nie en hoef die nodige verstellings nie elke keer gedoen te word nie. Dit is ook nie goed vir die bedrading nie.

- Ds. Kobus van Zyl word as kerkraadslid verkies wat verantwoordelik is vir toerusting van gemeentelede wat deel vorm van Gemeentebediening. Hy sal ook help met preekbeurte.

- Die Kerkraad keur goed dat die internet konneksie verleng mag word na die kerk se klankkonsole vir virus opdatering en ander doeleindes.

- Spesiale geleentheidskaartjies word by Zip Print gedruk om onder andere te gee aan gemeentelede wat spesiale verjaarsdae vier soos byvoorbeeld 80 en 90 jaar.

- Saterdag 14 Augustus bied die Vrouediens 'n huishulp bederf oggend in die kerksaal aan.

- Omgeegroep naweek: Vrydagaand 3 September word 'n Bybelvasvra gehou tussen die Omgeegroepe. Sondag 5 September na die tweede erediens eet almal saam middagete waarna ds. Phillip Botha van die Gemeenskapskerk van Tableview omgeegroep toerusting gee. Ses lede van die VG Kerk het saam met 26 van ons lidmate die opleiding bygewoon.

- Die Netwerkkursus wat op Vrydag 10 September en Saterdag 11 September aangebied is deur dr. Johan van der Merwe van Stellenbosch, was goed bygewoon en dit was 'n groot sukses.

- Die matte in die kerkgebou is vervang teen 'n koste van R54 280,00. Donasies ten bedrae van R12 300 is van gemeentelede ontvang. Die res naamlik R41 980 is uit die kerkkas betaal.

- Die Kerkraad keur dit eenparig af dat die restaurant aan die oorkant van die kerkgebou, naamlik Portuguese Ambassador, 'n dobbel afdeling begin.

- 'n Elektrisiën van die gemeente het die 16 ligte by die ster in die kerkgebou vervang wat nie meer gewerk het nie.

- Jeugkommissie beveel aan dat die Junior Kategese voortaan gedurende die eerste diens plaasvind. Graad 1 – 3 in die kerksaal en Graad 4 -6 in 'n vertrek by die pastorie.

- A2J Jeuggroep vier hulle 11de verjaarsdag.

- AGS Kirstenhof teken 'n kontrak om die Radloff Saal te gebruik vir hulle byeenkomste. Sondae na ons erediens en 'n weeksaand vir hulle omgeegroep – en jeugbyeenkoms.

- 'n Brosjure is saamgestel vir nuwe intrekkers met inligting oor die gemeente en haar aktiwiteite. Die nuwe intrekker bediening sal dit oorhanding aan nuwe intrekkers met 'n besoek aan hulle.

- 'n Dankiebrief is van die Uniting Reformed Church van Khayelitsha ontvang vir die ou klere wat ons vir hulle geskenk het om by hulle basaar te verkoop.

- Die Bybelvasvra tussen die Omgeegroepe op 31 Oktober 2010, was groot sukses en is deur ongeveer 50 persone bygewoon.

# 2011

- Aan die einde van die finansiële jaar was daar 'n surplus van R15 284.
- Die Kerkraad stem eenparig dat die mediasentrum verskuif word vanaf die motorhuis na die verhoog in die kerksaal.
- Die Kerkraad keur goed dat die eredienste tydens die vakansies vanaf 2011 sal roteer tussen formeel en informeel.
- Kaste word ingebou by die ingang van die kerksentrum en by die manstoilet by die saal.
- Ds. Theunis Scheepers van Kingfisher Ministries is die spreker by die Geloofsoffer naweek.
- Dit gaan verstommend baie goed met kommunikasiebediening. Ongeveer 46 000 het reeds die webtuiste besoek sedert November 2010.
- Ons vier ds. J.H. van Heerden se 20 jaar in die gemeente op 12 Junie. Kevin O'Donoghue van die Full Gospel kerk in Vishoek, het die erediens waargeneem. Daarna het die gemeente gesellige saam met hom en Annemarie gekuier in die saal.
- Marina Prins, van Member Care, het 9 September met die voogde van ons gemeente se sendeling gesels oor voogskap van 'n sendeling.
- Twee Omgeegroepe is betrokke by instansies in Ocean View. Hulle gee onder andere geskenkpakkies vir slagoffers van misdaad wat by die traumasentrum van die Ocean View polisiestasie aanmeld. Hulle het ook toebroodjies voorsien tydens 'n uitreik in Ocean View waarby die traumasentrum betrokke was.
- Die Kerkraad hou 'n beplanningsdag op 10 September om verskeie sake te bespreek.

- Ds. Solly Ozrovech preek by die gemeente se Seniordag van 23 Oktober 2011. Hy het 20 jaar gelede as leraar afgetree by Vishoek gemeente.

- Shotmaster van Gordonsbaai het die rotse op die stuk grond agter die begraafplaas verniet vir ons in stukke geskiet met dinamiet en Rhino Plant Hire het die 11 kubieke meter rots weggery.

- Oom Flip Rossouw haal die kerkklok uitmekaar en herbou die onderdele sodat dit weer kan werk.

- Ongeveer 20 lidmate skryf in vir die volgende Woord-Woema kursus. Daar is 'n oggend en aand groep.

- Sestien persone woon getrou die module 1 (Genesis tot 1 Samuel) van die Veritas kursus by wat aangebied word deur ds. Kobus van Zyl.

- Gras word aangeplant by die parkeerarea langs die saal nadat die rotse verwyder is.

- Wolf Cilliers een van die sendelinge wat die gemeente ondersteun, het laat weet daar is 'n groot tekort aan Bybels in Madagaskar. Die Getuieniskommissie loods 'n projek om geld daarvoor in te samel. 'n Bedrag van R10 745 is ingesamel waarmee 307 Bybels aangekoop kon word.

- Die gemeente se gesinskamp vind plaas by Paradise Park net buite Onrus.

- Die Vrouediens se Kersfees uitreik is om 'n geskenkpakkie op te maak vir ongeveer 20 behoeftige kindertjies by 'n kleuterskool in Ocean View.

# 2012

- Aan die einde van die finansiële jaar was daar 'n tekort van R10 315.

- Die wêreldbiddag vir Vroue wat deur al die kerke van die Vallei bygewoon word, word by ons gemeente aangebied.

- 'n Wapen/embleem met 'n simboliese betekenis is gemaak vir gebruik van die stappers van die stapklub genaamd Visvoete.

Onder: Die embleem van die Visvoete stapgroep.






Bo: Die Visvoete tydens 'n stap in die Tokaibos, 2012.

- Koevertstelsel en dienswerkers. Met die navorsing wat gedoen is tydens die ad-hoc komitee se ondersoek oor bogenoemde is dit bewys dat die koevertstelsel wel baie belangrik is en nie iets waarvan op hierdie stadium afstand gedoen kan word nie. Daar is tans 69 wyke waarvan 16 vakant is. 'n Paar planne word gemaak om die stelsel meer produktief te maak. Baie groot wyke word kleiner gemaak om dit vir die dienswerkers makliker te maak. 'n Veldtog is geloods om gemeentelede te vra om hulle dankoffer per debietorder te gee. Dankoffer koevertjies word in die ingangsportaal geplaas vir persone wat dit nie via 'n dienswerker ontvang nie, as hulle so hulle dankoffer wil gee.

- Kronieke en Josua Omgeegroepe vergader een maal per maand met die Senior Support Services Club, wat uit 30 plus seniors van verskillende denominasies binne Ocean View bestaan. Goeie verhoudings is al so gebou en die mense geniet dit baie.

# 2013

- Aan die einde van die finansiële jaar was daar 'n surplus van R13 474.
- Dit het noodsaaklik geword om 'n koordlose mikrofoon stelsel met kopstuk aan te koop.
- 'n Nuwe Dienswerkstelsel word voorgestel. Skep Omgeegroepwyke en haal die persone wat by Omgeegroepe is uit die wyke en plaas hulle in die Omgeegroepwyke. Teikendatum vir implementering is Julie 2013.
- Ds. Dawie de Wet, van Veritas, sal die spreker wees by die 20ste Geloofsoffer herinstelling. Vorige sprekers en sendingkommissielede is genooi. Ds. Richard Vanreyne en sy vrou asook ds. Dirk Coetzee en sy vrou kan dit bywoon. Charles en Marlene Oberholzer en André en Anita Nortjé kan ook kom. Marie Eichstädt en Elize Botha se vliegtuigkaartjies vanaf Pretoria en terug word betaal. Gideon en Mwawi Manda se busgeld word betaal.
- Die eerste groep het Module 1 van die Veritas kursus voltooi. Ds. Kobus van Zyl gaan 'n Module 1 aand groep begin. Sodra hulle klaar is gaan beide groepe gelyktydig begin met Module 2. Woord-Woema is vir die derde jaar besig met die gebruik van die Modules van die Veritas kursus. Die bywoningsgetal het vermeerder. Ds. Kobus van Zyl, die aanbieder, gaan September 2013 die Module 4 fasiliteerders opleiding bywoon.
- Aletta Joubert word aangestel as orrelis by Radloff Saal in die plek van Godfrey Mocke.
- Die woonstel by Kommetjieweg pastorie word opgeknap uit die Boufonds en word nou verhuur.
- Drie van die vier persone wat deel was van die oudiovisuele bediening kan nie meer betrokke wees nie. Gemeentelede gaan gevra word om deel van die bediening te word deur middel van 'n advertensie in die aankondigings en om persone individueel te nader.

- Die 6 voordeure van die kerkgebou is afgeskuur en behandel.

- Volgens opnames gemaak by die Senior Bybelstudie en die Uitspanklub verkies lidmate dat die ete vir seniors na die erediens plaasvind in die vorm van 'n laat ontbyt (brunch) in plaas van later die oggend in die vorm van 'n middagete.

- Ds. Jan van Heerden gee toerusting by die Omgeegroep Kommissievergadering oor die bediening van Nagmaal by Omgeegroepe.

- Twaalf radiotjies word aangekoop vir die gebruik van lidmate wat nie mooi kan hoor nie.

- Die uitreik na Sutherland met 'n span van 70, was 'n groot sukses. Vier jongmense en twee volwassenes van NG Gemeente Valhalla, Pretoria het saam met ons uitgereik. Hulle het ook bokse klere en komberse met 'n koerier afgestuur vir die mense van Sutherland. Paul Greyling Laerskool, Zwaanswyk Laerskool, Fish Hoek Primary en Fish Hoek High het vir ons kos en klere ingesamel.

- Die Kerkraad keur goed dat die eredienstye as volg verander:
  Mei – Oktober om 09:00 en vanaf November – April om 08:30. Slegs een erediens word gehou per Sondag.

- Die Spreuke Omgeegroep verdeel en 'n nuwe Omgeegroep naamlik Handelinge word begin.

- Die Vrouediens koop 24 bekers, 20 lekkergoed bakkies asook 10 sout- en peperstelle aan vir die kombuis.

- Honderd een en sestig mense woon die Omgeegroep ete by wat by Laerskool Paul Greyling plaasvind.

- 'n Groep seniors van Somerset-Wes het die Uitspanklub braai in Oktober bygewoon.

- Marelise van Wyk druk die logo en woord, Jubelklub, op die kinders se hempies wat Jubelklub bywoon by Laerskool Paul Greyling op 'n Donderdagoggend. Dit word Donderdag 13 Februarie aan die kinders uitgedeel.

- Geskenkpakkies word opgemaak en oorhandig aan 'n kleuterskool in Ocean View.

- Die Vrouediens vervang die stukkende gordyne in die saal met blinders teen 'n koste van R8 351.

- Walk With Jesus Street Show. Ons gemeente is een van die 28 deelnemende plaaslike gemeentes van die vallei wat hierdie straat vertoning, van gedeeltes uit die Bybel, ondersteun. Vertonings vind plaas by Masiphumelele, Kalkbaai, Ocean View, Vishoek strand en laastens by Living Hope.

# 2014

- Die Kerkraad keur goed dat die staalkonstruksie van 4m x 1.5m opgerig kan word teen 'n koste van R4 409,00. Dit gaan vir bemarking gebruik word.

- Die Belydenisklas is hierdie jaar weer 'n groot klas naamlik 13 jongmense wat Belydenis van geloof gaan aflê.

- Die leier van die intersessie groep lê weekliks gebedspunte voor aan leraars voordat dit verder deur die gemeente versprei word deur middel van die aankondigings en die elektroniese nuusbrief.

- Op 01/03/2014 na 20 jaar diens in die gemeente woon Elsie Trom, die skoonmaker, en haar kinders die erediens by waartydens sy die gemeente bedank vir hulle ondersteuning oor al die jare. Sy ontvang 'n finansiële bydrae as dankbetuiging van die gemeente.

- Die Basaar vind op 8 Maart 2014 by Laerskool Paul Greyling plaas.

- Die tieners van A2J woon die #Imagine Fees by.

- Die spreker by die herinstelling van die Geloofsoffer is Neels de Jager van Foundation of Christ Centered Education en die tema is Sending en die Onderwys.

- Ds. Kobus van Zyl se 4 jaar kontrak as deel van die leraar span van die gemeente kom tot 'n einde aan die einde van April. Hy gaan wel voort met Woord-Woema klasse.

- Die Gemeente ondersoek die stigting van 'n nie-winsgewende organisasie sodat gemeentelede belastingsertifikate (Artikel 18A) kan ontvang vir donasies wat hulle vir die uitreik oorbetaal.

- Saundersslot pastorie is buite geverf en die saal aan die binnekant.

- Na aanleiding van 'n navraag vir ou Bybels, deur The Ark for Men, skenk die gemeente 20 ou Bybels.

- Die gemeente ontvang 'n erflating van gemeentelede wat baie jare betrokke was by NG Vishoek.

- Die uitreik vind hierdie jaar plaas na Loeriesfontein. Een van vele hoogtepunte is die feit dat ons die lewens van die 72 kinders in die koshuis kon verbeter deur hulle te help om voortaan warm water te hê om te kan stort of bad. Vier lede van NG Gemeente Valhalla, Pretoria, woon die uitreik saam met ons by. Ons was 'n span van 65 wat bestaan het uit 'n volwassespan, senior bedieningspan, onderhoudspan, mediesespan en jeugspan. Die koste van die uitreik beloop net so oor R120 000. Met die wat elkeen betaal om te kan saamgaan enbaie skenkings wat ontvang is was dit net nodig om ongeveer R5 000 uit die kerkkas te betaal.

- Plaaslike uitreik. Die binnemure van Elsie Trom, ons skoonmaker, se huis word opgebou tot plafon hoogte en daar word vir haar 'n plafon ingesit in haar huisie.

- Die Kerkraad keur die aankoop van 'n 10KVA kragopwekker goed sodat ons nie Sondae sukkel tydens kragonderbrekings nie. Dit sal ook handig te pas kom tydens die Visfees.

- Die Kerkbode se uitgawe van 1 Augustus 2014 word in sy geheel gewy aan die NG Kerk se belydenisgrondslag en die beoogde wysiging daarvan deur die voorgestelde nuwe Aritkel 1 van die Kerkorde. Dit behels ook die insluiting van die Belydenis van Belhar op 'n nie-dwingende wyse in die NG Kerk se belydenisgrondslag. Die gedagte is om die kerk daardeur te help om goeie inligting wyd beskikbaar te stel aangesien gemeentelede daaroor moet stem. Die Kerkraad gee toestemming dat 100 ekstra Kerkbodes bestel word vir dié doel. Op 16 November 2014 is die saal as stemlokaal ingerig vir gemeentelede om te kan stem. Die uitslag is as volg:

| | |
|---|---|
| Aantal stemme uitgebring | 135 |
| Aantal ja | 97 |
| Aantal nee | 37 |
| Bedorwe stembrief | 1 |

- Nadat die gemeente gestem het oor die voorstel van die Kerkraad rakende Artikel 1 moet die kerkraadslede weer hulle stemming uitbring of hulle, hulle toestemming of nie verleen aan die Algemene Sinode om Artikel 1 te wysig, onder toesig van die twee Ringsverteenwoordigers naamlik Ds. J.U. Batt en ouderling J. Page. Op 20 November 2014 word dit eenstemmig aanvaar.

- Die nuutgestigde Ekobediening gaan uit vier bene bestaan naamlik:
  - **Die Visvoete stapgroep.**
  - **Natuurbewaring** wat verantwoordelik is om die indringer plante op Elsiespiek uit te roei en die paadjies daar te onderhou.
  - **Omgewingsorg** wat opruimingswerk langs die spoorlyn by Vishoek se strand na Glencairn se kant behels. Dit het Saterdag 15 November 2014 vir die eerste keer plaasgevind.
  - **Groen-Oudit.** Die plan is om gemeentelede te motiveer om daaraan deel te neem.

- Naamplaatjies gaan gemaak word vir persone wat as deel van Verwelkomingspan deurdiens doen, die Nuwe Intrekker span asook die Kerkraad.

- Die Vrouediens se Kersfees uitreik is koesterpakkies vir bejaardes wat hoofsaaklik oud Zimbabwiers (Rhodesiërs) is wat in 'n woonstelblok in die hoofstraat van Vishoek woon.

# 2015

- Op 15 Februarie 2015 word die aankondigings vir die eerste keer gedruk op 'n gekleurde buiteblad.

- 'n Kerkraadsbeplanningsdag word beplan vir Saterdag 31 Januarie 2015 by die kantore van Kobus Nell. Archie van der Byl van All Nations sal dit lei.

- Die gemeente se regstreekse uitsending via die internet begin nou momentum optel en daar word besluit om nuwe mikrofone vir die informele musiekgroepe aan te skaf na aanleiding van probleme wat met die uitsending ondervind word.

- Die uitreik na Loeriesfontein vind in die Julie vakansie plaas en 104 persone woon die uitreik by. Die koste aan die uitreik was R150 000 maar as gevolg van al die bydraes vir die uitreik het dit die Gemeente nie 'n sent gekos nie.

- Die Omgeesondag-ete was gesellig en 178 lidmate het die ete by Paul Greyling Laerskool bygewoon.

- Die Gasvryheidsbediening het 'n nuwe opwindende model ontwikkel hoe nuwe intrekkers betrek sal word met die fokus dat hul dadelik moet tuis voel in die familie van Christus in Vishoek. Voortaan sal daar ook van elke nuwe intrekker terugvoer gegee word by die Kerkraadsvergadering. In 2016 was daar 51 nuwe intrekkers in die Gemeente.

- As gevolg van die Hoërskool kinders wat meer na koshuise toe gaan word daar nuut besin oor die jeugbediening. A2J skuif nou van Dinsdae na Sondae tydens die erediens, sodat al die Gemeente se kinders bedien kan word en nie net die wat plaaslik in die onderskeie hoërskole is nie.

- Die state aan die einde van die finansiële jaar wys op 'n tekort van R14 488.00. Die totale inkomste was 2 035 608.

# 2016

- Johan Horn wat vir 18 jaar ons orrelis was, het besluit om af te tree en gee so kennis van sy bedanking aan die Kerkraad.

- Daar word 'n nuwe webblad ontwikkel vir die Gemeente.

- Op 8 Junie 2016 vier ds. Jan van Heerden 25 jaar bediening in die Gemeente.

- Daar is erge droogte in Suid-Afrika. Die Gemeente skenk 'n R20 000 bydrae vir die NG kerk se Nasionale droogtehulp projek.

- 'n Strukturele ingenieur word aangestel om aandag te gee aan die kerktoring. Dringende werk moet verrig word, onder meer moet die beton aan die binnekant versterk word. Die totale koste beloop R331 566.

- Die eredienstye vir die somermaande was altyd 8:30 maar nadat die Gemeente 'n vraelys ingevul het, is die uitslag dat alle dienste vanaf 2017 om 9:00 ter aanvang sal neem.

- Die Gemeente skep 'n nie-winsgewende organisasie met die naam CUDO (Community Upliftment Development Organisation) sodat bydraes vir die spesifieke ontwikkeling en opheffing belasting voordelig kan wees.

- Na ondersoeke is dit nou moontlik om die preekuitsendings via selfone op te vang.

# 2017

- Die Kerkraad besluit om die Pinkster geleenthede nie net oor die gebruiklike 5 aande te vier nie maar om dit oor 4 weke te versprei waar alle lidmate en Omgeegroepe boekies met temas sal ontvang wat behandel kan word. Die Jeugbediening sal ook deel wees hiervan. Bywoning van die gewone Pinksterdienste was daagliks tussen 20-30 lidmate. Nou word die hele gemeente oor 4 weke betrek. Net in die Omgeegroepe is meer as 200 lidmate betrokke.

- Die koper deurknoppe van die voordeure van die kerk is gesteel. Nuwe deurknoppe sal aangeskaf word maar nie weer koper nie.

- Ds. Jan van Heerden ontvang sy emeritaat op 4 Junie 2017. Ds. Jan word daarna 'n kontrak met spesifieke bedieninge vir drie jaar aangebied met die voorwaarde dat sy gesondheid dit toelaat.

- Snapscan word geïmplementeer in die eredienste om dit makliker te maak vir lidmate om offergawes te gee.

SnapScan

- Die Vrouediens neem deel aan 'n projek genaamd "Die handsakke van hoop." Die projek handel oor handsakke wat gevul word met bederfgoedjies vir vroue wat getraumatiseerd is.

- Die Kerkraad het 'n visioeneringsproses deurloop om nuut te dink oor gemeente wees. Daar is gebruik gemaak van Osmer se Praktiese Teologies model. Pragmatiese take is opgestel en verdeel onder die onderskeie kommissies met hul bedienings.

- 'n Geloofsvorming groep van ouers met kinders word op die been gebring. Hier gesels die ouers saam oor opvoeding en hoe om hul kinders te leer van die Here. Dit is wonderlik om te sien hoe hierdie passievolle ouers besig is om die kategese te omvorm.

- Die Kleuterkerk (3-6 jariges) het 16 dames wat deel is van die span wat help met die weeklikse lessies. Die ouers woon ook hierdie lessies saam met hul kinders by. Gesellige kuieroggend met die Woord en maatjies wat meer leer van die Here. Daar is 18 kleuters betrokke by die kleuterkerk.

- Daar is nou 18 volwassenes wat betrokke is by die onderskeie kategeseklasse. Daar word besluit om weer werkboekies vir die kinders te gee sodat ouers en kinders by die huis saam die Bybelles in die week kan vaslê. 40 kinders is betrokke by die kategese.

- A2J kamp weer te Noordhoek kampterrein. 35 tieners woon die kamp by en daar is 18 leiers tussen die ouderdom 18-28.

- Die Gemeente uitreik was na Fraserburg en 61 mense het dit meegemaak. Die span het bestaan uit 'n jeug-, volwasse-, senior-, onderhoud-, ontwerp- en regsdienstespan.

- Daar is vier groepe wat betrokke is by Woord-Woema onder leiding van ds. Kobus van Zyl. Hul hanteer die Veritas kursus. Die groep wat reeds die vier jaar Veritas kursus voltooi het, is besig met 'n kursus oor die boeke van die Bybel.

- Die state aan die einde van die finansiële jaar wys op 'n tekort van R537 215.

## 2018

- Die Kerkraad besluit om te fokus om meer jonger mense en spesifiek ook dames op die Kerkraad te verkies en die Here te vertrou vir die proses. Deur die jaar is drie persone, twee in hul dertigs en een in hul vroeë twintigs op die Kerkraad verkies.

- Daar word weer na jare 'n gemeentekonsert gehou. Omgeegroepe en individue neem deel. Wat 'n wonderlike belewenis van koinonia.

- Die tegnologie verander so vinnig dat 'n nuwe rekenaar benodig word in die kerk vir die eredienste. Omdat lidmate soms stadige internet het, word daar ook besluit om die erediens nie net met beeld nie, maar ook via klankuitsending regstreeks uit te saai.

- 'n Groot skerm TV word teen die gallery aangebring wat dit moontlik maak vir die predikante om steeds op die kansel te bly staan indien hul Powerpoint skyfies gebruik.

- Ds. Martin Barnard ontvang sy doktorsgraad op 19 Oktober 2018.

- Daar word 'n gelamineerde vloer by die kerkkantoor aangebring.

- Die state aan die einde van die finansiële jaar wys op 'n surplus van R201 155 na die vorige jaar se groot tekort.



Bo: Ds. Martin Barnard ontvang sy doktorsgraad op 19 Oktober 2018.



Bo: Ds. Kobus van Zyl het sedert 2005 tot 2019 die lidmaattoerusting hanteer.



Bo: Johan Horn by sy afskeidsfunksie wat vir hom gehou is na sy uittrede as orrelis.



Bo: Johan Horn begelei die kerkkoor. Hy was vir 'n tydperk van 18 jaar orrelis en 15 jaar die afrigter en dirigent van die koor. Die koor is gestig op 4 Junie 2001.

# 2019

- As gevolg van sekuriteitsdoeleindes word daar besluit om 'n "Clearview" heining om die kerk en pastorie op te rig. Ons kon tweedehandse "Clearview" teen 'n bekostigbare prys aankoop. Daar word ook 'n heining by Saundersslot pastorie aangebring.

- 'n Kolonie bye het hul intrek geneem in die kerktoring. Daar word besluit om 'n kundige te verkry om die bye lewendig te verwyder.

- Die Radloff saal in Lakeside word verkoop.

- A2J (Tienerbediening) vier hul 20ste bestaansjaar.

- Ds. Kobus van Zyl het sedert 2005 tot 2019 die lidmaattoerusting hanteer. Dank word betuig vir die wyse waarop hy die lidmaat toerusting hanteer het en die diepgaande teologie wat hy gedeel het met vele lidmate.

- Twee nuwe Omgeegroepe ontwikkel vanuit die gemeente. Daar is 16 Omgeegroepe in die gemeente waarvan die meeste self hul eie uitreikbediening ook het.

- Die Vrouediens besluit om bederfpakkies te maak vir al die lidmate oor 80 jaar- 57 lidmate.

- Daar is erge droogte in die land en die gemeente dra weer mildelik by tot Droogtehulp.

- 'n Bedrag word ook bewillig vir die hulpfonds wat gestig is vir die brande in Masiphumelele- 119 huise is vernietig in die brand.

- Nuwe Voip fone word in die kerkkantoor asook pastorieë geïnstalleer.

- Die uitreik hierdie jaar is na Sutherland- ons was 'n span van 60.

- Nuwe naamplaatjies word gemaak vir die Verwelkomingskomitee asook vir die Kerkraad wat aan diens is.

# 2020

- As gevolg van sekuriteit word die panele aan die kant van die kerk se trappe verhoog. Twee ingangshekke word aangebring met 'n sleutelbord.

- As gevolg van die Covid-19 epidemie en die inperking wat op 27 Maart ingestel is, staak alle eredienste. Die kerk is nie toe nie, ons is net anders kerk. Die eredienste word vooraf opgeneem en later word liedere bygevoeg en word via die webwerf uitgesaai om 9:00 op 'n Sondag. Later het gemeentelede aangedui dat hul graag die eredienste eerder vroeër beskikbaar gestel wil hê. Daar word besluit om die erediens reeds om 7:00 op 'n Sondagoggend aanlyn beskikbaar te stel.

**DIE VOLGENDE HET IN DIE JAAR MET BETREKKING TOT COVID GEBEUR WAT OOK 'N EFFEK OP DIE GEMEENTE GEHAD HET.**

- Die inperking het in verskeie fases plaasgevind, elk met verskillende beperkingsvlakke:
  - Vlak 5 (27 Maart – 30 April 2020)
  - Vlak 4 (1 Mei – 31 Mei 2020)
  - Vlak 3 (1 Junie – 16 Augustus 2020)
  - Vlak 2 (17 Augustus – 20 September 2020)
  - Vlak 1 (20 September – 28 Desember 2020)

- Die kerk mag eers op vlak 1 weer in-persoon bymekaar kom maar met wetlike beperkings, soos maskers, sanitering en lidmate moes 'n afstand handhaaf tussen sitplekke en rye in die kerkgebou.

- Vir die Kinderbediening word daar 'n kinderhoekie ingestel vir die Nuusbrief. Hier word 'n spesifieke les aangedui met 'n skakel na die les.

- A2J en A2J+ het op facebook regstreekse interaktiewe gesprekke gevoer asook om soms paneelbesprekings te fasiliteer. Tieners is in verskillende WhatsApp groepe verdeel waar 'n kort video aan hulle deurgestuur is.

- Die Seniorbediening gaan voort met dagstukkies wat via WhatsApp gestuur word. Kontak word behou deur stelselmatige telefoonoproepe en WhatsApp.

- Daar word 'n Gemeentelike "broadcasting" groep op WhatsApp begin om lidmate op hoogte van sake te hou van gebeure.

- Visvoete, natuurbewaring en omgewingsorg moet almal hul werksaamhede staak. Die Omgee Sondag word afgestel.

- Kerkraadsvergaderings word via Zoom aangebied.

- Ds. Jan van Heerden tree amptelik uit die bediening na bykans 29 jaar as predikant van NG Vishoek op 12 April 2020. Sy afskeid neem virtueel plaas maar dien verstande dat as die epidemie verby is, dat ons vir hul 'n ordentlike afskeid sal gee.

- Die Bybelgenootskap word 200 jaar oud. Gemeentelede word aangemoedig om op 22/23 Augustus aan 'n virtuele stap/hardloop vir Bybels deel te neem en sodoende 'n donasie te gee.

- In Mei 2020, nadat beperkings gedeeltelik opgehef is, verhuis dr. Martin Barnard na die pastorie in Kommetjieweg.

- In hierdie Covid 19 tydperk word besluit om 'n pakkie tuisgebakte koekies aan lidmate te gee. 'n Lidmaat bak die koekies en dit word aan elke lidmaat by hul posbusse of in-persoon oorhandig.

- In Oktober verander die wetgewing van die inperkingsreëls. Net 50% van die oppervlak van die kerk mag gebruik word. Dit beteken dat slegs 100 mense 'n erediens mag bywoon. Dit werk deur 'n aanlyn besprekingstelsel of mense kan via die kerkkantoor bespreek om die erediens by te woon.

- NG Constantia vra of hul deel kan vorm van ons regstreekse uitsendings. Hul predikant, Ds. Elsche Eygelaar sal een keer 'n maand 'n erediens waarneem wat deur NG Vishoek geredigeer word.

- Daar is aan die einde van die jaar met 'n stapgroep begin vir Seniors wat in die week stap. Hul noem hulself die Bergskilpaaie.

- Omgeegroepe kom bymekaar via Zoom of deur WhatsApp groepoproepe.

- Die Vrouediens berei 300 geskenkpakkies voor wat aan al die personeel by Valsbaai hospitaal uitgedeel word. Dag- en nagpersoneel asook al die sekuriteitspersoneel.

- Ons moes die aanvanklike begroting aanpas as gevolg van Covid. Vanuit die Administrasiekommissie is besluit dat ons met groot omsigtigheid en rentmeesterskap na die finansies om te sien. Sodoende is besluit om alle uitgawes wat bedieninge en eiendomsuitgawes betref op die been te sny. Na al die besnoeiings kon ons, deur die Here se genade, afsluit met 'n surplus van R117 380.

# 2021

- Covid beperkings is steeds aan die orde van die dag. Vanaf 29 Desember 2020 tot 28 Februarie 2021 was Suid-Afrika op vlak 3 wat ook beteken dat die strande en parke steeds gesluit is.

- Nog steeds moet almal se hande gesaniteer, temperature gemeet word en maskers gedra word en 'n bywoningslys bygehou word tydens die eredienste. Persone moet steeds aanlyn bespreek of die kerkkantoor kontak om die erediens by te woon.

- Ons loods die Kol 4:5 projek waar lidmate aangemoedig word om intensioneel te hoor wat die Here vir hul sê en om gehoorsaam te wees en dit te doen. Ons gee by wyse van 'n Kol 4:5 minuut (kort video grepe) in die erediens terugvoer daaroor. Die fokus is om vir die Here dankie te sê vir wat God in die gemeente en wyer doen. Hiermee gee ons ook geleentheid waar mense genoop voel deur die Heilige Gees om by van hierdie projekte aan te sluit, om daarby betrokke te raak.

- 'n Derde golf van Covid tref Suid-Afrika met die Delta variant wat vinnig versprei en vanaf 28 Junie is openbare byeenkomste weer verbied.

- Op 1 Augustus begin die gemeente weer met in-persoon eredienste maar met slegs 'n beperkte aantal lidmate.

- 'n Nuwe selfoon toepassing is spesiaal vir NG Vishoek ontwerp en word bekend gestel.

- Ses nuwe batterye is vir die kragomsetter (inverter) gekoop om met die kragverbruik asook met die regstreekse uitsending te help.

- Ons is dankbaar teenoor die Here dat 15 tieners Belydenis van geloof aflê.

- Veiligheidshekke by die ingang van die kerk word as gevolg van klagtes van die bure met betrekking tot leeglêers oorkant die straat en ook as gevolg van sekuriteit aangebring. Sien foto regs.



- Tydens Covid is daar vir die Seniors Dagstukkies uitgestuur. Die Senior Bybelstudie neem weer in aanvang maar die gevoel was dat heelwat van ons Seniors nie die Bybelstudie in-persoon kan bywoon nie. Daar word besluit om die een week Bybelstudie te hou en die week daarna as die Uitspanklub verrigtinge het, om daardie week Dagstukkies deur te stuur.

- Die Vrouediens gee pakkies aan The Net, 'n hulpbehoewende organisasie vir haweloses en gee ook bemoedigende boodskap kaartjies met 'n sjokolade aan die matrikulante van Fish Hoek High School vir hul matriek eksamen.

- 'n Vernietigende brand het in Masiphumelele uitgebreek. Die Kerkraad bewillig R10 000 aan Living Hope om die mense van Masiphumelele te help.

- Alles keer weer terug na normale eredienste en bedieninge.

- Die Kerkraad verleen toestemming dat Rohan van Niekerk sy gemeentejaar by NG Vishoek mag doen. Hy word later as jeugwerker aangestel.



Regs: Proponent Rohan van Niekerk.

- Suid-Afrikaanse wetgewing is onlangs ingestel om die gebruik van verspreiding van persoonlike inligting van mense te reguleer- die POPI wetgewing. Die Kerkraad het die kursus deurloop en die inligtingsbeleid en prosedure handleiding is goedgekeur.

- Die boukoste van die twee woonstelle is R2,5 miljoen. Met die bou van die twee woonstelle langs die Kerksaal kom die grondverskuiwers op groot rotse af wat met chemikalieë gekraak moes word en waarna dit in kleiner stukke verwyder kon word.



Bo: Die twee woonstelle wat langs die kerksaal gebou is en tans uitverhuur word.

# 2022

- 6 Sonpanele word aangebring op die saal se dak wat help met elektrisiteit verskaffing veral tydens beurtkrag.

- 50 persone vul die bedieningslyste in om by verskeie bedieninge in die gemeente betrokke te raak.

- As gevolg van Covid kon ons nie op die gepaste wyse afskeid neem van Ds. Jan en Annemarie van Heerden nie. Ds. Jan was 29 jaar werksaam in die gemeente. Daar word besluit om hul te trakteer op die naweek van 10-14 Maart wat ook ons Basaar is. Ds. Jan neem die erediens waar. Die koor sing asook die informele groepe neem deel aan die erediens. Bedankings word gedoen deur Dr. Martin Barnard (hul was vir 21 jaar kollegas) en Bokkie Durand. Corné Voss bedank Annemarie namens die gemeente.




Bo: Daar word afskeid geneem van Ds. Jan en Annemarie van Heerden. Corné Voss is aan die woord.

- Die Kerkraad maak beswaar dat die 2 Oseane Maraton op Opstandingsdag gehardloop word. Die Valley Ministers Fraternal, waarvan ons deel is, het 'n skrywe gerig aan die organiseerders. Die Kerkraad keur die skrywe goed en al die kerke plaas dit op hul sosiale blaaie. Daar is deur die organiseerders, na vele klagtes daaroor, onderneem om dit nie weer op Paasfees te reël nie.

- Die gemeente begin met 'n informele kuiergroep en enige een, soos wat dit hul pas, kan hierdie ontspanne geleenthede bywoon.

- Die mezzanine vloer word in die saal opgerig om te help met die berging van al die uitreik se middele asook die magdom klere wat elke jaar mildelik geskenk word.

- Die informele musiekgroepe het 'n toerustings geleentheid bygewoon en is opgewonde oor die pad vorentoe.

- Sendelinge kuier deur die jaar saam met die Omgeegroepe – party in persoon en ander via Zoom of Teams, sodat die Omgeegroepe hul beter kan leer ken en vir hul voorbidding kan doen.

- Omgeesondag, wat ons jaarliks hou, was 'n reuse sukses. Ons vertel tydens hierdie erediens meer van ons Omgeegroepe en beleef ook hul getuienisse. Na die erediens het 191 mense saam by Laerskool Paul Greyling geëet. As gevolg van die hoeveelheid mense moes ons ook 'n markiestent langs die saal opslaan.

- Joyce Chevalier sentrum, wat 'n instansie is vir beskutte arbeid, word met kersgeskenke bederf. Daar is 50 persone werksaam en 7 toesighouers.

- Virtuele besoekers, wat graag deel van die gemeente wil wees al woon hul oor die wêreld, se inligting word nou ook bygevoeg by die verjaarsdae en huweliksherdenkingslys.

- Daar was 'n behoefte vir finansiële bydraes om te help om pap aan te koop by die Oceanview Voedingskema. Die Here het mildelik voorsien deur gemeentelede.

- As gevolg van die nadraai van Covid hou ons slegs 'n mini-uitreik na Fraserburg om middele wat geskenk is deur te neem.

- 'n Werkersdag is gereël en heelwat manne het ingespring en 16 CCTV kameras op verskeie plekke op die kerkgronde geïnstalleer.

- Nagmaal word die eerste keer na Covid weer op die normale wyse bedien. Persone hoef nie meer self na vore te kom nie, maar sal weer in die banke met die tekens van die Nagmaal bedien word.

- Die Visvoete stap die vier dag Paasfees Ommiberg Camino.
- Daar word 'n Damestee gehou ten bate van die Vervolgde kerk.
- Kleinberg Primary in Oceanview het serpe en skryfbehoeftes ontvang.
- Sondag 29 Mei drink die gemeente tee by een van die motorhuise van die nuwe woonstelle wat gebou is. Dit gee die gemeentelede die geleentheid om te sien hoe hierdie woonstelle binne lyk. Die gemeente hou 'n sooispit geleentheid en 'n lint knip seremonie. Die eerste huurders trek Julie 2022 in.
- Die Gr R-3 klassie het as deel van hul kategese spekboompies geplant in 'n plantboks wat langs die trappe by die moederskamer staan.
- Die Omgeegroepe gaan nou tydens Sondae se Teedrink diensbeurte neem om saam met mense wat eenkant staan te kuier. Naamplaatjies word gemaak vir die Omgeegroepe wat diens doen tydens hierdie diensbeurte.
- 8 Jongmense het hierdie jaar belydenis van geloof afgelê.

# 2023

- Die Vrouediens reik uit na al die werkers en veiligheidsouers van die Maatskaplike dienste in Vishoek. Hul bederf hul met 'n tee en 'n bederfpakkie as 'n teken van dank vir hul onbaatsugtige diens.
- Daar word ook uitgereik na 'n veiligheidshuis vir vroue wat slagoffers van mensehandel bystaan.
- Hierdie jaar bied die gemeente weer Divorce Care en Griefshare kursus aan. Mense oor die hele vallei woon hierdie kursus by.
- Die gemeente reik uit na die Poskantoorwerkers na 'n rooftog by Vishoek se poskantoor. Geskenkpakkies en 'n bemoedigende kaartjie is aan hulle almal oorhandig. Hul betoon hul dankbaarheid via 'n epos.




Bo: Die groep Paas Camino stappers wat die eerste dag vanaf NG Vishoek na Plumstead gestap het. Die volgende dag het hul tot in Kaapstad gestap en daar oornag. Daarna het hul via Houtbaai terug na Vishoek gestap.

Regs: Die vier daagse roete wat hulle gestap het.





Links: Koekies wat by lidmate tydens die inperkingstyd afgelewer is, met die boodskap: *Jesus is lief vir jou. Hy gee om.*



Links: Spekboompie projek deur Gr R tot Gr 3 Sondagskoolklasse.

- Om Koinonia verder uit te bou in die gemeente word daar besluit om drie 8 liter koffie perkoleerders aan te koop vir die koffie drink na die erediens. 'n Lidmaat voel genoop deur die Gees om dit te skenk. Van kitskoffie na filter koffie en die gemeente geniet elke oomblik. Om hierdie perkoleerders te toets brou die personeel hierdie 8 liter koffie. As deel van missionêre kerk wees, seën ons al die besighede om ons met 'n gratis koppie koffie. Dit het 'n enorme invloed op ons verhoudinge met mekaar.

- Woord-Woema (Bybelskool) begin weer en word deur 40 persone bygewoon.

- Die Moederskamer word opgeknap.

- 'n Vroue-retraite word in Wellington by die Spiritualiteitsentrum gehou en is die naweek deur 30 vroue bygewoon.

- Daar word ook 'n suksesvolle Damestee gehou.

- Die gemeente Skriba, Corné Voss, vier 25 jaar van bediening in die Kerkkantoor.

- Elsie Trom, die skoonmaker tree af op 13 Desember 2023 na byna 30 jaar se diens.

- Drie van ons Omgeegroepe en 'n groep van Oceanview kon na Covid weer saam met mekaar kuier. Hul wil weer kwartaalliks vergader soos voor Covid.

- Hierdie jaar was daar 14 nuwe gesinne en 10 enkellopende lidmate wat by die gemeente aangesluit het.

- Die beskrywing in die kollektemandjies lei tot verwarring en daar word besluit om 'n grafiese kaartjie aan te bring met pyltjies sodat elkeen presies kan weet waar om kollekte op te neem.



Bo: Elsie Trom, die skoonmaker, was vir byna 30 jaar in diens by NG Vishoek.




Bo: Oupa Moses en Spiritbuddy tydens 'n uitreik in Loeriesfontein. Hulle besoek ook skole.




Bo: Gerco van Deventer en Dr. Martin Barnard in gesprek tydens sy besoek aan ons gemeente.



Corné Voss word hier bedank vir 25 jaar van diens in die Kerkkantoor. By haar is dr. Martin Barnard en ds. Jan van Heerden.





# 2024

- Ons het uitdagings met kopiereg liedere wat via youtube uitgesaai word. 'n Lys van liedere wat nie kopiereg skending sal veroorsaak nie, word opgestel om voor die diens te speel.

- Die gemeentelike uitreik is hierdie jaar na Loeriesfontein.

- Op 24 Augustus het ons weer ons jaarlikse Bybelstap gehou ten bate van Bybelverspreiding. Daar is 5 roetes van verskillende afstande gestap.

- Die Visvoete en die Bergskilpaaie stap nog fluks en die onderhoud van die paadjies op Elsiespiek vorder ook fluks. 10 jaar van samewerking met SANPARKE word gevier.

- Die span wat help met die spooropruiming is getrou elke maand op hulle pos.

- 'n Nuwe koffie-eiland is deur die Eiendomskommissie gebou wat beweegbaar is wat die bediening na die eredienste soveel makliker maak. Nou is daar twee bedieningspunte wat sake vergemaklik. Tuisgemaakte eetgoed word nou ook na elke erediens genuttig.

- Oupa Moses en Spiritbuddy besoek Laerskool Zwaanswyk.

- Die Geloofsoffer is hierdie jaar 30 jaar oud en die gemeente vier 30 jaar van genade. Die meeste sendelinge woon hierdie naweek by.

- Een van die Omgeegroepe hou 'n suksesvolle Kook met Kruie aand. Sestig mense woon die geleentheid by. Die fondse word ingesamel vir die Oceanview voedingskema.

- 'n Nuwe tromstel word aangekoop vir die informele musiekbediening.

- Die Uitspanklub geniet hul maandelikse braai. 'n Rekord van 37 persone het die braai bygewoon.

- Alhoewel daar 'n klompie jaar gelede aandag gegee is aan die strukturele aard van die kerktoring is daar steeds probleme. 'n Maatskappy stuur 'n hommeltuig wat werk met infrarooi tegnologie na die toring. Die probleme word geïdentifiseer. Die sement tussen die dakteëls is besig om heeltemal te verweer as gevolg van die sout en die wind en die gevolg is dat die toring lek. Steierwerk is aangebring wat tot op die bopunt van die toring strek sodat hul die waterdigting op die toring kan doen.

- Na al die verwoestende brande die afgelope tyd word daar besluit om aan al die brandweer personeel te Simonstad, Vishoek en Kommetjie 'n pakkie te oorhandig om dankie te sê vir hul onbaatsugtige diens vir ons hier in die Suid-Skiereiland. Daar is ook pakkies aan die NSRI uitgedeel- 'n totaal van 70 pakkies aan die brandweer en die NSRI.

- Vir die eerste keer in baie jare hou die gemeente weer 'n Gemeentekamp vanaf 18-20 Oktober te Slanghoek. Al die plekke is vroeg-vroeg opgeraap.



- Dr. Martin Barnard en gesin vier hul 25ste bedieningsjaar te NG Vishoek.

- A2J (tienerbediening) vier hul 25ste bestaansjaar op 21 Oktober. 'n Groot partytjie is op 25 Oktober gehou.

- Gerco van Deventer, wat 6 jaar in Al Kaïda se hande in gevangenisskap was, kom lewer sy getuienis. Dit is by die erediens in die vorm van 'n vrae en antwoordsessie hanteer.

- Die vloere van die Kerksentrum is in 'n haglike toestand en is al van die beginjare toe die gebou in aanbouing was, aangebring. Die Kerksentrum (al die klaskamers en boonste kantore) word netjies oor geteël.

- Na 30 jaar word die kerk se binne mure netjies oor geverf.









Links: Dr. Martin Barnard en gesin vier hul 25ste bedieningsjaar te NG Vishoek. V.l.n.r. is Dr. Martin, Estelle, Marizelle, Elmarie en Marisa Barnard.






Bo: Die Sondagskoolkinders oorhandig hartjies aan dr. Barnard om dankie te sê vir 25 jaar se diens.





Bo: Dr. Martin en Estelle saam met Marizelle, Elmarie en Marisa.

Bo: Proponent Rohan van Niekerk en Dr. Martin Barnard tydens die uitreik na Loeriefontein, 2025.



Bo: Die NG Vishoek Bestuurspan.

*Voor:* Dr. Martin Barnard, Amanda van der Merwe, Anél Robinson, Susan Swart, Prop. Rohan van Niekerk. *Agter:* Riaan van Niekerk, Frik Terblanche, Marc Zeeman, Pieter Mouissie, Jacques Pitout, Koos Kruger, Kobus Nell, Hannes Oelofse, Karen Carstensen en Corné Voss (skriba).



Links: Die 170 jaar vieringe feeskomitee.

V.l.n.r: Anél Robinson, Dr. Martin Barnard, Susan Swart en Corné Voss.

Afwesig: Rohan van Niekerk.










Links: Ons spesiale gedenkwyn. 'n Shiraz en Sauvignon Blanc van Ernie Els wynplaas, asook 'n Cabernet Sauvignon/ Merlot en Malbec versnit van Buitenverwachting.

# 2025

- 'n Feeskomitee word aangestel om die 170 jaar (9 Desember 1855- 2025) vieringe te koördineer. Die verskillende kommissies kry geleentheid om hul voorstelle vanuit hul kommissies na die Feeskomitee aan te stuur. Na aanleiding van die terugvoer gaan daar meer as 20 verskillende geleenthede dwarsdeur die jaar gebruik word om die Here te dank vir 170 jaar.
- 'n Feeslogo (sien hieronder) word ontwerp deur Elmarie Barnard. Dit word teen die kerk se muur aangebring met die leuse: "Geanker in die verlede,Seilend na die toekoms." Dit word op 11 Mei tydens die erediens onthul deur dr. Martin Barnard (regs).








Bo: Die logo, die weeklikse aankondigingsblad met die spesiale voorblad vir 2025 en die onthulling van die nuwe logo deur Dr. Martin Barnard.

- 'n Nuwe Omgeegroep is gestig vir ouers met laerskoolkinders. Vier gesinne is vanuit die staanspoor daarby betrokke.

- Die Wêreldbiddag vir Vroue wat deur al die gemeentes in die vallei gevier word, word hierdie jaar by ons gemeente aangebied.

- Die jaarlikse Hemelvaart erediens wat deur die Valley Ministers Fraternal aangebied word, word hierdie jaar by NG Vishoek gehou as deel van die 170 jaar viering. 320 persone woon hierdie spesiale erediens by. Die liturgie word gedeel deur verskillende pastore en die NG kerk het die voorreg om die Nagmaal aan te bied.

- Die groot Feesdag word gehou op Sondag 7 Desember met 'n Nagmaal en Gemeente Fees-ete.

- Hierdie jaar se uitreik is weer na Loeriesfontein. Sien groepfoto van die NG Vishoekspan en die plaaslike Loeriesfonteinspan hieronder.



- Verlede jaar is die kerk se mure binne geverf en hierdie jaar word die dak geverf en nuwe LED ligte word geïnstalleer.

- Die saal se kombuis se vloer was ook in 'n haglike toestand en word ook oor geteël.

- Met sosiale media wat so deel geword het van ons alledaagse lewe word daar 'n Digitale Dissipelskapskursus aangebied.

- Ons neem afskeid van Simon Ngxangani, wat ná meer as 12 jaar se getroue diens aan ons gemeente. Simon het met groot sorg en toewyding die tuine en terrein versorg.



Bo: Die eerste Digitale Dissipelskap kursus groep gelei deur Riaan van Niekerk.



Bo: Dr. Martin Barnard groet en bedank Simon Ngxangani na meer as 12 jaar se diens.





Bo en onder: Die jaarlikse Hemelvaart erediens wat deur die Valley Ministers Fraternal aangebied word, word by NG Vishoek gehou as deel van die 170 jaar viering. Die verskillende kerke oorhandig briewe van hul gemeentes aan Dr. Martin Barnard en mev. Estelle Barnard.






Bo: Die Kerkkoor onder leiding van Ronéll Roux, die orrelis, 2025.



Links: Allerlei lekker eetgoed by die jaarlikse basaar. Hierdie foto is in die kerksaal geneem.





Bo: As deel van die 170 jarige feesvieringe van die gemeente het die Omgeegroepbediening proe-sessies aangebied om die invloed wat ander lande oor die jare op die Suid-Afrikaanse kookkuns het, te demonstreer.



Bo: Belydenisklas van 2025.




Bo: Ons sendelinge tydens die Geloofsoffer naweek, 2025.




Links: 170 Jaar van Diensbaarheidsprojek. Gemeentelede is aangemoedig om vir 'n uur diensbaar te wees op enige wyse wat hulle goeddink. Elke hartjie (daar was 170 elk met 'n foto van 'n gemeente aktiwiteit) verteenwoordig hierdie ure van diens aan die gemeenskap. Die hartjies is op 'n plakkaat van Vishoek geplak.



Bo en regs:
Senior lidmaat ete.







Onder: Nagmaal tydens die Senior lidmate erediens.



Bo: Dierekos wat ingesamel is deur die Kinderbediening. Dit was hul 170 jaarvieringe projek.







Bo en onder: Ons gemeente het op 30 Augustus 2025, as deel van die viering van ons 170-jarige bestaan, 'n Bybelstap gehou ten bate van die Bybelgenootskap. Altesaam 120 persone het die ses verskillende roetes saamgestap, terwyl ander by hul huise deelgeneem het.









Bo: Gemeentekamp te Disakloof, Bettiesbaai.

# 170-JAAR VIERINGE - GEMEENTE STAP


NG Wynberg






Radloff Saal



NG Kalkbaai

# 170-JAAR VIERINGE - GEMEENTE STAP




Op 1 November het gemeentelede vanaf NG Wynberg gestap tot by NG Vishoek, as deel van die gemeente se 170 jaar vieringe.
Daar is met die trein vanaf Vishoek gery na Wynbergstasie toe. Vandaar het hulle gestap na NG Wynberg waar een van NG Wynberg se kerkraadslede, Robert Nicholas, 'n oorkonde en wyn geskenkpak aan hulle oorhandig het. Toe is daar gestap na die Radloff saaltjie in Lakeside toe. Daar het nog gemeentelede by die groep aangesluit en verder gestap tot by NG Kalkbaai kerkgebou, waar daar nog mense by die groep aangesluit het. Van daar af het die hele groep saamgestap tot by NG Vishoek, Kommetjie Weg 1. Daar is die orkonde deur Koos Bleeker aan Dr. Barnard oorhandig en voorgelees. Daarna het almal lekker worsbroodjies geeet.



NG KERK WYNBERG

Tel : (021) 797-8340
Faks : (021) 797-1909

e – Pos
ngkwyn@iafrica.com

Gestig 1825

NG KERK WYNBERG
Kerkkantoor
Durbanweg 2
Wynberg
7800

01.11.2025

Beste dr Martin en Gemeente van Vishoek

Met groot waardering dink ons vandag aan julle gemeente wat in1855 van Wynberg afgestig het en nou 170 jaar van seëninge en bediening vier. Mag hierdie staptog op Saterdag 1 November 2025 vanaf ons kerk, die oorspronklike moedergemeente, tot in Vishoek vir julle 'n besondere herinnering wees aan die pad wat God saam met julle gestap het.

Sterkte met julle feesvieringe en die simboliese stap. Ons waardeer dat julle ons by hierdie historiese gebeurtenis insluit.

Seënwanse,

Adrian van Niekerk
Kerkraad NGK Wynberg.

Bo: Die oorkonde wat tydens die 170 jaar vieringe stap oorhandig is deur NG Wynberg aan NG Vishoek.
Inlas: Die vlootkapelaan borspeld waarmee die oorkonde vasgebind was.



Bo: Die NG Vishoek Bestuurspan het hul laaste kerkraadsvergadering vir 2025, op 13 November, by die Kalk Bay Courtyard restaurant in Kalkbaai gehou. Dit was 'n besonderse geleentheid, aangesien die lokaal gesetel is teenaan die oorspronklike NG Kalkbaai kerk se pastorie. Die blootgestelde baksteenmuur bokant die skilderye is 'n tasbare getuienis van hierdie ryk erfenis, aangesien dit die oorspronklike muur van die pastorie is.
Dr. Martin het die vergadering geopen deur te lees uit Psalm 85, dieselfde Psalm waarmee die heel eerste kerkraadsvergadering van die gemeente in 1855, geopen is. Dit was 'n wonderlike en spesiale geleentheid om saam te gesels en vergader op die fondasie van ons kerk se geskiedenis .




Bo: Hierdie metaal gedenkplaat is op die vloer van die vertrek, waar die vergadering gehou is, te vinde.




Bo: Die familie foto geneem na die Seniorlidmate erediens op 9 November 2025.

**LOOF HOM, LEEF HOM
EN VERKONDIG HOM**

HIERDIE GEDENKBOEKIE IS SAAMGESTEL
TER VIERING VAN NG VISHOEK SE
170STE BESTAANSJAAR.
SAMEWERKERS:
DR. MARTIN BARNARD, CORNÉ VOSS
EN ANÉL ROBINSON

## Kontak ons by:

087 822 1527 (08:00-13:00)

www.ngvishoek.co.za

kerkkantoor@ngvishoek.co.za

Kommetjie Weg 1, Vishoek

Volg ons op sosiale media:

SnapScan